HOOFSTUK 1
INLEIDING

1.1 INLEIDING

”Global transformation in the 1990s has produced a new era of growth and challenge for social work education“(Hokenstad & Kendall ,1997:1511).

Met die aanbreek van die nuwe millennium is dit nodig om opnuut te besin oor Maatskaplike Werk as professie. Daar moet veranderinge in enige beroep plaasvind, wat aanleiding tot vooruitgang gee. Dit dra weer by tot die daarstelling van ‘n verbeterde professie.

Die Maatskaplikewerk-professie in Suid-Afrika is ongeveer vier en sestig jaar oud en die wêreld en sy mense het baie verander gedurende die tydperk van honderd jaar wat die beroep reeds bestaan.

McKendrick (1998:105) noem dat daar spesifieke vereistes aan maatskaplike werk as beroep gestel kan word en ook van maatskaplikewerk-opleiding verwag word, naamlik maatskaplike beleid, die ontwikkeling van ‘n nuwe raamwerk vir maatskaplike welsyn en maatskaplike werk, laastens die ontwikkeling van nuwe strukture in die opleiding van maatskaplike werkers aan tersiêre instellings. Volgens Midgley (2001:245) is die oplossing geleë in die ontwikkelingsbenadering van maatskaplike werk, waar die staat, gemeenskappe en individue aktief saamwerk om die algehele verbetering van die gemeenskap te bewerkstellig deur die voortgesette proses van ekonomiese ontwikkeling. Mense wat in hierdie dekade lewe het ander wyses om behoeftes te bevredig as dekades gelede. Om dié rede moet daar ‘n impak op die opleiding van die maatskaplike werkers wees wat by die veranderende omstandighede moet kan aanpas.

Van die moontlike veranderlikes wat tot die veranderde omstandighede kan lei, word kortliks uitgelig en sal later volledig bespreek word.

Die **eerste veranderlike** is die *Witskrif op Maatskaplike Werk* wat in Feburarie 1997 'n beleidsdokument geword het. Die doel van hierdie dokument is die daarstelling van fokusareas met betrekking tot die dienslewering van maatskaplikewerk-praktyk.

Volgens die Witskrif behoort daar in 'n ontwikkelende land veral klem gelê te word op ontwikkelingswerk. Die *Witskrif op Maatskaplike Werk* het ook ander fokusareas wat dit uitlig, soos gesinne en lewensiklus, jeugsorg, vrouens en kroniese siektes, persone met gestremdheid en persone met spesiale behoeftes.

Die **tweede veranderlike** is die veranderings wat op die *onderwysterrein in Suid-Afrika* plaasvind. Dit handel oor die daarstelling van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk, met die gepaardgaande klem op lewenslange leergeleenthede asook bevoegdheid-gebaseerde opleiding. Dit het ook die opleiding van maatskaplike werkers herdefinieer. Die Wet op Suid-Afrikaanse Kwalifikasie Owerheid (no 58 van 1995) bepaal dat 'n klemverskuiwing plaasvind na uitkomsgebaseerde onderwys, wat deurgaans in ag geneem moet word tydens opleiding.

The National Qualifications framework: An Overview: 7 som dit soos volg op: "The NQF with its commitment to outcomes-based education and training is the means that South Africa has chosen to bring about systematic change in the nature of education and training system."

Die **derde veranderlike** is die Suid-Afrikaanse *Raad vir Maatskaplike Diensberoepe*. Hierdie liggaam wat in 1978 in die lewe geroep is , het en ten doel om onder andere standaarde in die beroep van maatskaplike werk te handhaaf en ook om die kliëntebasis teen onprofessionele optrede deur maatskaplike werkers te beskerm. Hierdie Raad gaan onder andere ook meewerk om minimum standaarde te bepaal vir die opleiding van maatskaplike werkers.

Die **vierde veranderlike** is *internasionale tendense* soos gerapporteer word in twee nasionale en vier internasionale tydskrifte. Hiervan moet kennis geneem word om maatskaplikewerk-opleiding in Suid-Afrika deel te maak van die *globalisering* van die wêreld. Die Suid-Afrikaanse opleidingsinstellings behoort op hoogte te wees van nuwe tendense in opleiding en ook watter tendense in die praktyk voorkom. Sodoende kan afgestudeerde studente enige plek internasionaal 'n bydrae lewer, want hulle is generies opgelei en nie slegs in areas wat op Afrika van toepassing is nie.

Die **vyfde veranderlike** is die *veranderde omgewing in Suid-Afrika* wat aanleiding gee tot sekere praktykbehoeftes by die maatskaplike werker. In Suid-Afrika word ons deeglik bewus van die effek van MIV/Vigs op die gesin en in die werkplek. Dit stel ons voor nuwe uitdagings; ons woon in getraumatiseerde gemeenskappe waar daar bepaal moet word in watter mate die maatskaplike werkers 'n bydrae lewer om die impak te verlig. Gemeenskapontwikkelingswerk vind plaas, maar in hoe 'n mate maak dit werklik 'n verskil in mense se lewens? Die Suid-Afrikaanse opleidingsinstansies het 'n verantwoordelikheid om maatskaplike werkers op te lei om die nuwe eise van die praktyk te kan hanteer.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

Bogemelde vyf veranderlikes is die veranderlikes waarna gekyk behoort te word om te bepaal in hoe 'n mate dit transformasie in maatskaplikewerk-opleiding beïnvloed.

1. 2 MOTIVERING VAN STUDIE

Vanweë die navorser se noue betrokkenheid by praktykopleiding van maatskaplikewerk-studente en ook gereelde kontak met die maatskaplike werkers in die praktyk, is besluit om hierdie studie te onderneem.

'n Verdere motivering is 'n besef dat die eise wat aan finalejaarstudente tydens hulle internskap gestel word, aansienlik verander het sedert 'n paar jaar gelede. Die studente moet veral meer dikwels byvoorbeeld, getraumatiseerde persone bystaan

en ook die implikasies van byvoorbeeld MIV/Vigs hanteer. Die teoretiese agtergrond word nie altyd deur die opleidingsinstelling in voorgraadse kwalifikasies verskaf nie.

Dit is verder die navorser se oortuiging dat maatskaplike werkers in die praktyk nie altyd voel hulle opleiding stel hulle in staat om aan die huidige eise van die veld te voldoen nie. Hulle het soms spesifieke behoefte aan gespesialiseerde inligting byvoorbeeld, straatkinders, spelterapie en die hantering van trauma en verlies.

'n Verdere motivering is dat die opleiding van maatskaplikewerk-studente beroepsgerig is en om dié rede moet veral een veranderlike, naamlik die huidige nasionale beleid in die welsynstruktuur in ag geneem word by die opleiding. Die Witskrif op Maatskaplike Welsyn het beleid geword in 1997. Lombard (1999:99) sê die volgende: "Social development is not new to social work ... students would be prepared to practice generalist social work in a developmental paradigm."

In bovermelde dokument (1997:19) word genoem dat die opleidingsinstellings in die verlede meer gefokus het op direkte intervensie as op gemeenskapsontwikkeling en dat daar juis groot behoefte bestaan om in die praktyk klem op ontwikkelingswerk te plaas.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

1.3 WAARDE VAN DIE STUDIE

Die bydrae wat die studie lewer is veelvuldig en verrykend vir die praktyk. Die snelveranderende omstandighede in Suid-Afrika noodsaak maatskaplike ontwikkeling en vernuwende strategieë in die veld van maatskaplike werk. Ten einde by hierdie tendens aan te pas, is dit belangrik om maatskaplike werkers op te lei wat praktykgerig is. Dit impliseer egter indringende veranderinge in die opleiding van maatskaplike werkers. Maatskaplikewerk-opleiers poog om 'n balans te skep tussen die invloed van globalisering aan die een kant en die Suid-Afrikaanse maatskaplikewerk-praktyk aan die ander kant. Die dilemma is egter dat hierdie twee aspekte ver verwyderd van mekaar is en tog steeds 'n belangrike invloed op

opleiding het. Hierdie studie doen ‘n indringende verkenning van die faktore wat in ag geneem moet word ten einde vernuwing in opleiding te bring. Dit is ’n verkennende-beskrywende navorsingsontwerp wat studie op ‘n kwalitatiewe wyse onderneem om ‘n bydrae tot die dieptekennis van probleme van transformasie in maatskaplikewerk-opleiding te lewer.

Die studie sluit veral aan by die huidige transformasies wat deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAKO) aanbeveel word. Die daarstelling en werking van ‘n “Standards Generating Body” (SGB) vir maatskaplike werk het ‘n invloed op die toekoms van kurrikulumontwikkeling en implementering. Die SGB het reeds teen middel 2002 ‘n voorlopige dokument aan die Gesamentlike Universiteitskomitee (GUK) voorgelê vir goedkeuring. Hierdie dokument is deur die GUK aanvaar en sal aan SAKO voorgelê word. Die studie kan egter op makrovlak ‘n bydrae lewer deurdat sekere aanbevelings in die finale dokument geïnkorporeer word en verskeie universiteite ook die aanbevelings kan gebruik ten einde die kurrikulum te verryk.

Die studie het ook ten doel gehad om tot die kennisbasis van die maatskaplikewerk-professie by te dra. Die veranderlikes wat in die literatuur geïdentifiseer en bevestig is deur die data-insameling blyk ‘n rol te speel in die transformasieproses van maatskaplikewerk-opleiding. Om die rede kan een verdere studie in die terrein aanbeveel word, naamlik om te bepaal wat behoort die kurrikulum van effektiewe opgeleide maatskaplike werkers in die toekoms te wees .

In hoofstuk 2 word verwys na die debatte wat deur die jare gevoer is in maatskaplikewerk-opleiding, sekere aspekte tree meer op die voorgrond in sekere tydvakke. Die navorser is van mening dat die veranderlikes wat geïdentifiseer is oorkoepelend ‘n rol in die transformasie van maatskaplikewerk-opleiding speel, maar dat die debatte wat gevoer word sekere aspekte meer na vore laat tree. Dit is die waarde van die studie dat die geïdentifiseerde veranderlikes deurgaans ‘n effek op opleiding in maatskaplike werk sal hê.

Daar word verwag dat die studie se waarde ook verhoog kan word deur die herhaling daarvan binne ‘n tydperk van vyf jaar.

1.4 DOELFORMULERING

1.4.1 Doelstelling van hierdie studie



UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

1.4.2 Ter nastrewing van die grafies voorgestelde doelstelling word die volgende navorsings-doelwitte in die vooruitsig gestel:

Fase I

1.4.2.1 Om vanuit die literatuur te identifiseer watter veranderlikes daar bestaan wat aanleiding gee tot transformasie van Maatskaplikewerk-opleiding in Suid-Afrika.

1.4.2.2 Om vanuit die Witskrif op Maatskaplike Welsyn te bepaal watter fokusares daar bestaan om dienste te lewer.

1.4.2.3 Om uitkomsgebaseerde dokumente van die Onderwysveld te bespreek, soos dit implikasies inhou vir die opleiding van maatskaplikewerk-studente.

1.4.2.4 Om kleinskaalse meta-analise te doen deur vakliteratuur van 1997-2001 te bestudeer en daardeur te bepaal watter nuwe tendense na vore getree het in opleiding en ook in die maatskaplikewerk-praktyk. Daar is twee nasionale en vier internasionale vaktydskrifte by die meta-analise ingesluit.

1.4.2.5 Om deur middel van 'n fokusgroep te bepaal:

a) watter praktykbehoeftes daar by maatskaplike werkers bestaan en of

b) daar uitvoering gegee word aan die implementering van die Witskrif op Maatskaplike Welsyn in die praktyk.

Fase II

Wanneer die veranderlikes geïdentifiseer is sal daar voortgegaan word om te bepaal of die opleidingsinstellings hierdie veranderlikes by die transformasie van maatskaplikewerk-opleiding in ag neem.

1.4.2.6 Gestruktureerde onderhoude met Maatskaplikewerk-akademici van drie noordelike Suid-Afrikaanse universiteite is gebruik om te bepaal watter veranderlikes hulle in ag neem tydens die transformasie van maatskaplikewerk-opleiding.

1.4.2.7 By finalejaar-maatskaplikewerk-studente van die drie noordelike Suid-Afrikaanse universiteite 'n beskrywing te kry van veranderlikes wat volgens hulle mening in ag geneem word in die transformasie van maatskaplikewerk- opleiding

Met die verwesenliking van die doelwitte word gestreef om deur die studie veranderlikes te identifiseer en te beskrywe wat in ag geneem moet word by die transformasie van opleiding van maatskaplikewerk-studente.

1.5 NAVORSINGSMETODOLOGIE

1.5.1 Navorsingsbenadering

Daar word in die sosiale wetenskappe onderskei tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe benaderings. Daar word byvoorbeeld nie gepoog om verklarings vir gedrag te gee nie, maar wel net te rapporteer watter gedrag die persone beïnvloed en hoe hulle dit beleef. Indien die navorser 'n groter afstand kan handhaaf, word objektiwiteit nagestreef en na die navorsing verwys as kwantitatiewe navorsing. Met laasgenoemde navorsing word hipoteses daargestel en dit moet numeries bewys word. De Vos (1998:91, 241) onderskei tussen die twee benaderings soos volg, naamlik kwantitatiewe navorsing "to objectively measure the social world, to test hypotheses and to predict and control human behaviour" en die werkswyse is gewoonlik 'n deduktiewe vorm van redeneer. In teenstelling met kwalitatiewe navorsing "to understand social life and meaning that people attach to everyday life" en dit volg weer 'n induktiewe manier van redeneer. Dit impliseer dat 'n kwalitatiewe studie induktief of deduktief kan wees en nie eksklusief tot die een metode is nie.

Vir die doeleindes van hierdie studie sal 'n kwalitatiewe benadering gevolg word. Die veranderlikes wat in ag geneem moet word met transformasie in maatskaplikewerk-opleiding sal vanuit hierdie oogpunt bespreek word.

1.5.2 Navorsingsontwerp

Die navorsingsontwerp gee 'n breë uiteensetting van hoe te werk gegaan word om die navorsing te doen. Vir die doeleindes van hierdie studie word 'n kwalitatiewe verkennend-beskrywende navorsing gedoen waardeur veranderlikes wat in ag geneem moet word by die transformasie in opleiding van maatskaplike werkers, beskryf sal word. Daar word in kwalitatiewe navorsing onderskei tussen deduktiewe en induktiewe navorsing. Vir doeleindes van hierdie navorsing word daar van 'n deduktiewe benadering gebruik gemaak. Daar word dus van 'n abstrakte logiese verhouding tussen konsepte beweeg na konkrete empiriese bewyse. (Neuman 2000:49). Deduktief verwys in hierdie studie na die gebruik van 'n literatuurstudie

wat as basiese vertrekpunt dien. Dit verwys ook na die verkryging van bestaande data, by die aansluiting van bestaande literatuur en toepassing in die praktyk.

Grinnell en Williams (1988:139) onderskei drie navorsingsontwerpe na aanleiding van kennis wat oor die onderwerp bekend is naamlik: verkennende, beskrywende en verklarende navorsing.

Wanneer daar min kennis oor die onderwerp is en 'n beginstudie onderneem word, is dit verkennende navorsing. Daar word nie met statisties beduidende resultate gewerk nie, aangesien daar begin word om 'n grondslag vir verdere teorieë te lê. Beskrywende navorsing is wanneer daar meer kennis oor die onderwerp bestaan, maar dit is nog steeds nie ware eksperimentele navorsing nie, maar daar is wel verder gevorder as in die vorige kategorie.

Die navorsingsdoel is verkennend-beskrywende navorsing, om daardeur te beskryf hoe transformasie in maatskaplikewerk-opleiding daar uitsien, en watter verskillende veranderlikes 'n rol speel. Daar sal dus in die eerste fase geïdentifiseer en bepaal word watter veranderlikes 'n rol kan speel en in die tweede fase sal 'n beskrywing van die veranderlikes geskied.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

1.5.3 Data-insameling

Die data-insameling geskied in twee fases soos deur die diagram aangedui is. Die eerste fase word eers voltooi voordat fase II kan plaasvind. Bless en Higson-Smith (1995:43) noem dat daar drie spesifieke wyses van data-insameling is wanneer daar verkennend-beskrywende navorsing gedoen word, naamlik: waarneming, opnames en onderhoude. Laasgenoemde sluit ook fokusgroeponderhoude in.

1.5.3.1 Daar word beoog om 'n fokusgroep te hou met praktiserende maatskaplike werkers. Daardeur sal bepaal word watter nuwe praktykbehoeftes hulle waarneem en/of hulle voel dat hulle oor die nodige kennis beskik om dit te hanteer. Voorts of hulle uitvoering gee aan die riglyne van fokusareas soos in die Witskrif op Maatskaplike Werk vervat. Dié data-insameling sal geskied voor die onderhoude by

die opleidingsinstelling, aangesien die fokusgroepe spesifieke areas sal identifiseer wat hulle van mening is deel van opleiding vir die toekoms behoort te wees. In die onderhoude met persone van die opleidingsinstellings, sal gepoog word om vas te stel of die praktykbehoeftes aangespreek word in die opleiding van die studente. Die inligting sal deur middel van oudioband opgeneem word.

Arkava en Lane (1983:167) noem dat opnames die metode is wat die meeste in data-insamelings gebruik word tydens beskrywende navorsing. Die tegnieke wat die meeste gebruik word is vraelyste en gestruktureerde onderhoude.

Vir die doeleindes van die studie in word fase II beoog om semi-gestruktureerde onderhoude met twee groepe respondente te voer.
Daar sal na die databronne gekyk word om veranderlikes te help bepaal en hulle word vervolgens genoem:

- Die Witskrif op Maatskaplike Werk
- Die vereistes soos deur die Nasionale Kwalifikasieraamwerk bepaal word
- Die Raad vir Maatskaplike Diensprofessies se minimum standaarde
- Tendense soos in nasionale en internasionale tydskrifte bespreek word
- Praktykbehoeftes in ‘n veranderde Suid-Afrikaanse samelewing

1.5.3.2 Fase II bestaan uit twee afdelings: eerstens word voortgegaan met insameling van kwalitatiewe data deur met drie persone by elke universiteit ‘n gesamentlike onderhoud te voer. Dit is die Randse Afrikaanse Universiteit, die Potchefstroom se Universiteit vir CHO en die Universiteit van Pretoria. Daar sal by hulle ‘n beskrywing van die veranderlikes wat transformasie in maatskaplikewerk-opleiding beïnvloed verkry word. Van die veranderlikes kan die volgende moontlik insluit: Witskrif op Maatskaplike Werk en Suid-Afrikaanse Onderwysraad se vereistes vir tersiêre opleiding. Daar sal ook bepaal word watter praktykbehoeftes en nuwe tendense wat geïdentifiseer is, en in nasionale en internasionale tydskrifte na vore tree, wel in hulle opleiding geïmplementeer word. Daar sal sodoende bepaal word of opleiding ‘n veranderde Suid-Afrika weerspieël.

1.5.3.3 Die tweede afdeling van fase II is om semi-gestruktureede onderhoude met finalejaarstudente aan die Randse Afrikaanse Universiteit, die Potchefstroom se Universiteit vir CHO en die Universiteit van Pretoria te voer. Daar sal 'n beskrywing van die studente ontvang word oor watter veranderlikes transformasie in maatskaplikewerk-opleiding beïnvloed. Die doel van die beskrywing is om vanuit die kliëntsisteem (verbruiker) van die opleidingsisteem (dus studente) 'n beeld te vorm van die kurrikulum.

1.5.4 Steekproefneming

Daar is verskeie wyses om steekproewe in geesteswetenskaplike navorsing te doen. Die twee hoofstrategieë wat deur Neuman (2000:197) onderskei word, is waarskynlikheids- en nie-waarskynlikheidsteekproefstrategieë. Elkeen het vier verskillende metodes om die steekproewe te bepaal. Vir die doeleindes van die studie word die nie-waarskynlikheidsmetodes gebruik, wat een van die volgende kan wees:

a) Doelgerigte steekproef – hiermee word bedoel die persone word gekeur aangesien hulle beskikbaar is.
b) Kwotasteekproef – kies enige persoon in vooraf bepaalde groepe.
c) Sneeubalsteekproef.
d) Keuring van informante – hier word spesifieke mense gekies wat deur die gemeenskap of organisasie uitgewys word omdat hulle oor inligting beskik.

Janesick (1994:210) noem dat die doel met kwalitatiewe steekproefstrategieë is om bewustelik 'n teikengroep te kies wat die navorsingsvraag die beste sal beantwoord. Die eerste groep by wie data ingesamel word is praktiserende maatskaplike werkers. Hulle sal in 'n fokusgroep tydens 'n spesifieke geleentheid gesien word. Vir die doeleindes van hierdie studie sal die lede van die fokusgroep gekies word om verteenwoordigend van verskeie welsynsorganisasies te wees. Ervaring en ondervinding van supervisie aan toetredende maatskaplike werkers en finalejaar-studente sal ook 'n vereiste wees. Die fokusgroeponderhoud sal op oudioband, met die deelnemers se goedkeuring, opgeneem word. Die inligting sal as agtergrond

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

gebruik word om vrae op te stel vir die semi-gestruktureerde onderhoude wat in fase II gehou sal word.

In fase II sal data by drie noordelike residensiële universiteite se maatskaplikewerk-departemente verkry word as gevolg van die geografiese uitvoerbaarheid vir die navorser en omdat hulle bereidwillig was. Daar word beoog om by elke universiteit se maatskaplikewerk-departement semi-gestruktureerde onderhoude te voer, met doseerpersoneel wat geïdentifiseer word wat kennis behoort te dra van die transformasie in maatskaplikewerk-opleiding. Die onderskeie universiteite sal self persone selekteer volgens die nie-waarskynlikheidstrategie, en die metode sal keuring van informante wees.

In die tweede fase word data ook van finalejaarstudente van dieselfde drie noordelike universiteite se maatskaplikewerk-departemente verkry. Die studente sal volgens die kwotasteekproef gekies word uit die finalejaarstudente aan die instellings.

1.5.5 Data-ontleding

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

Neuman (2000:417) beskrywe kwalitatiewe data soos volg: ”Qualitative data are in the form of text, written words, phrases, or symbols describing or representing people, actions and events in social life”. Die navorser het oudiobande van die onderhoude gemaak en ook veldnotas soos die onderhoude verloop het. Dit het bygedra dat data-ontleding nie vaag of op spekulasie gebaseer is nie. Rubin en Babbie (2001:411) noem dat die data met ‘n rekenaarsagtewareprogram ontleed kan word, maar die navorser het die ontleding per hand gedoen. Daar is kategorieë bepaal, nadat die data gekodeer is. Sekere temas het voortdurend in die fokusgroeponderhoud voorgekom. Die inligting wat getranskribeer is, is in die verskillende kategorieë ingedeel. Die verduidelikings wat vir ontleding gegee word, kan meer as een verklaring hê. Kwalitatiewe navorsers kyk reeds vir patrone of verhoudings vandat die navorsing begin word, want die patrone gee weer rigting aan verdere insamelings. Die fokusgroepe se ontleding sal gekodeer word om kategorieë en temas te identifiseer wat gebruik kan word om die opnames te struktureer.

Tydens die onderhoude sal die onderhoudskedule se veranderlikes aan die respondente gegee word en dit sal gebruik word om spesifieke temas uit te lig wat gekodeer sal word. Die onderhoudskedules sal met die hand gekodeer word. Die data is aan die hand van ‘n selfontwikkelde werksprotokol ontleed.

1.6 AFBAKENING VAN DIE TERREIN

Die terrein word afgebaken tot die Suid-Afrikaanse omstandighede, en meer spesifiek, tot die vierjarige opleiding aan drie noordelike residensiële universiteite, waarna die student die maatskaplikewerk-professie kan betree. Daar sal nie geëvalueer word wat die inhoud van die teoriekursussse behels nie, maar slegs of transformasie in opleiding plaasvind en waaraan die transformasie toegeskryf kan word.

Die navorser is deeglik daarvan bewus dat die fokus van die Witskrif op Maatskaplike Welsyn in die ontwikkelingsparadigma gesetel is. Daar is verskeie artikels al daaroor plaaslik en internasionaal gepubliseer, naamlik Rankin (1997: 184-192); Lombard (1997:11-23); Brown en Partab (1999:138-151); Sewpaul (2001:309-321); Drower (2002:7-20) en Pozzuto (2001:154-163). Die navorser het doelbewus nie aan dié aspek aandag gegee nie, want dit ontvang reeds aandag en word deeglik oor besin en bestudeer. Die fokus van die studie is juis of die ander aspekte van die Witskrif op Maatskaplike Welsyn aandag in die kurrikulum geniet.

1.7 PROBLEME ONDERVIND

Die groep praktisyns was nie verteenwoordigend genoeg om vas te stel watter nuwe praktykbehoeftes in al die verskillende sektore in die praktyk ondervind word nie.

Die dosente as respondente van die verskillende opleidingsinstellings het nie die inhoud van die totale kursus geken nie en daarom kan daar moontlik verskille wees tussen die dosente sowel as die studente se interpretasie of hulle inligting oor die

onderwerpe ontvang het. Dit dui egter op ‘n leemte waaroor verdere navorsing gedoen kan word.

Op logistieke gronde is slegs drie histories Afrikaanse universiteite by die studie betrek. Die navorser is egter van mening dat die inhoud van die data nie drasties sou verskil het van dit wat bepaal is nie, aangesien daar by die drie opleidinginstellings ooreenstemmende resultate verkry is.

Die probleem met kwalitatiewe navorsing is dat die steekproewe dikwels nie groot is nie en daarom word veralgemenings met omsigtigheid gemaak. Dit gaan nie oor die hoeveelheid insette nie, maar oor hoe omvattend die data is wat verkry is.

1.8 INDELING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG

Die verslag sal soos volg neerslag vind:

Hoofstuk 1. Inleiding

Hoofstuk 2. Teoretiese kontekstualisering van die studie

Hoofstuk 3. Kontekstualisering van die studie ingevolge die veranderlikes

Hoofstuk 4. Navorsingsmetodologie

Hoofstuk 5. Resultate

Hoofstuk 6. Gevolgtrekking en Aanbevelings

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

1.9 SLOTOPMERKINGS

Maatskaplikewerk-opleiding moet voortdurend verander as gevolg van die veranderde omgewing waarin maatskaplike werkers hulleself bevind. In hierdie hoofstuk is die agtergrond tot die studie geskets en die doelstellings en doelwitte vir die projek uiteengesit. Doelwitte vir die studie is uiteengesit ter aansluiting by die navorsingsvraag. Die inhoud van hierdie hoofstuk dien as grondslag vir die formulering van die **navorsingsvraag** van hierdie studie, naamlik:

Wat behels die gespesifiseerde veranderlikes wat 'n rol speel in die transformasie van maatskaplikewerk-opleiding vir 'n veranderde gemeenskap?

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

HOOFSTUK 2

TEORETIESE KONTEKSTUALISERING VAN DIE STUDIE

2.1 INLEIDING

In die hoofstuk wil die navorser aan twee aspekte aandag gee naamlik: ‘n kort agtergrond ten opsigte van die ontstaansgeskiedenis van maatskaplike werk in Suid-Afrika en tweedens sekere vraagstukke in opleiding in Suid-Afrika beskryf. Gesamentlik verskaf die twee aspekte die agtergrond van die studie.

2.2 AGTERGROND OOR DIE ONTSTAAN VAN MAATSKAPLIKE WERK IN SUID-AFRIKA

Maatskaplike werk as beroep het in Suid-Afrika saam met die armblankevraagstuk aan die begin van die vorige eeu ontwikkel. As gevolg van die uiters haglike toestande wat na die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) geheers het, het belangstellende vroue op verskillende plekke in die land komitees gestig om hulp te verleen aan die diegene wat in armoede beland het (Pieterse 1976:39). Die komitees het hul oorsprong vanuit die vier groot Afrikaanse vrouevereenigings gehad, by name (1) die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging (A.C.V.V.) in 1904 in die Kaapprovinsie, (2) die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (S.A.V.F.) in 1904 in die Transvaal, (3) die Oranje-Vrouevereniging (O.V.V.) in 1908 en laastens (4) in 1915 die Natalse Christelike Vrouevereniging (N.C.V.V.). In 1924 is bogemelde vrouevereenigings in die Federale Vroueraad saamgesnoer.

Vir die eerste kwart van die twintigste eeu was hierdie organisasies met hul uitgebreide gesinsorgdienste, naas die kerke se gemeentelike en ander bedrywighede, die enigste organisasies wat maatskaplike hulp gelewer het. Die blankes was verarm na die Anglo-Boereoorlog en dit het verstedeliking tot gevolg gehad. Na die navorser se mening is die enigste belangrike organisasie wat hier na vore getree het die kindersorgverenigings. In 1924 is daar ‘n koördinerende raad vir die reeds 33 kindersorg verenigings gestig. Voor 1930 het, behalwe die reeds

genoemde Nasionale Rade, nog drie ander organisasies vir spesialiserende maatskaplike sorg in Suid-Afrika tot stand gekom, naamlik die Suid-Afrikaanse Raad vir Geestesgesondheid in 1920, die Suid-Afrikaanse Raad vir Blindes, (wat in 1929 die destydse twee verenigings vir blindesorg gekoördineer het) en die Suid-Afrikaanse Raad vir Dowes, wat ook in 1929 tot stand gekom het (Pieterse 1976:42).

Pieterse (1976:43) en Gray (1998:10) verwys na die Carnegie ondersoek en die daaropvolgende Volkskongres van 1934 as die voorlopers van die professionele tydperk in die ontwikkeling van maatskaplike sorg en maatskaplike werk in Suid-Afrika. Die Carnegie Kommissie na Armoede (1932) het ook rigting verleen aan die proses wat gelei het tot die totstandkoming van die opleiding van blanke maatskaplike werkers in 1938 en die toetrede van die Nederduits Gereformeerde Kerk (Drower 2002:8). By die Volkskongres oor die Armblankevraagstuk in 1934 is daar 109 belangrike besluite geneem, waarvan die stigting van ‘n Departement Volkswelsyn en die opleiding van maatskaplike werkers seker van die belangrikste was. In 1937 is daar ‘n Staatsdepartement vir Welsyn op die been gebring om die armoedevraagstuk onder blankes te hanteer.

Nog voor die aanbevelings van die Carnegie Kommissie en die Volkskongres van 1934 is daar reeds deur Suid-Afrikaanse universiteite ’n begin gemaak met kursusse vir die opleiding van maatskaplike werkers. In 1924 het die Universiteit van Kaapstad die eerste kursus aangebied waaraan ‘n sertifikaat vir maatskaplike werk verbonde was en hulle is in 1929 deur die Universiteit van Pretoria gevolg. Na die Volkskongres in 1934 is daar voorkeur verleen aan persone wat opgelei is vir maatskaplike werk in welsynsposte deur die staat, die kerk en sekere welsynsorganisasies. In 1936 is daar in Johannesburg ‘n Nasionale Konferensie oor Maatskaplike Werk gehou. Met hierdie konferensie is die noodsaaklikheid van professionele maatskaplike werk duidelik gestel en waardevolle riglyne is opgestel vir die opleiding van maatskaplike werkers (Pieterse 1976:46).

Die fokus van maatskaplike werk was dus op die blanke gemeenskap en hulle behoeftes gerig. Daar is 'n wetenskaplike grondslag gevorm in gevallewerk en 'n universiteitkwalifikasie is daarvoor benodig. Na die Tweede Wêreldoorlog het daar ook meer spesialiteitorganisasies ontstaan, soos FAMSA wat omsien na huweliksproblematiek en SANRA wat substansafhanklikheid aangespreek het.

Tot en met die sestigerjare was daar geen universiteit wat opleiding aan swart persone verskaf het nie, maar daar is wel opleiding by kolleges en deur kerke gedoen. Die ontstaan van universiteite vir swart /nie-blanke persone het aanleiding gegee tot die opleiding van swart/nie-blanke maatskaplike werkers in 'n driejaargraad gedurende die sestigersjare. As gevolg van die nasionale beleid van afsonderlike ontwikkeling is blanke maatskaplike werkers opgelei om blanke persone se problematiek te hanteer terwyl swart /nie-blanke maatskaplike werkers op problematiek van swart/nie-blankes moes fokus.

Die swart/nie-blanke maatskaplike werkers is in diens geneem deur instansies en ook sekere staatsdepartemente wat maatskaplike vraagstukke van swart/nie-blanke persone hanteer het. Die instansies het ook minder fondse tot hulle beskikking gehad as in die blanke gemeenskappe waar besighede betrokke kon raak en bereid was om fondse beskikbaar te stel vir werk onder blanke mense. Staatshulp aan die blanke bevolking was heelwat ruimer as gevolg van die apartheidstelsel (McKendrick 1998: 99-101).

2.3 DIE STAND VAN VRAAGSTUKKE IN MAATSKAPLIKEWERK-OPLEIDING IN SUID-AFRIKA

Daar is verskeie vraagstukke wat op verskillende tye in die maatskaplikewerk-opleiding na vore getree het. Die navorser het die belangrikste vraagstukke geïdentifiseer en daar word nie gepoog om al die vraagstukke te dek nie.

2.3.1 Diskrepans tussen opleiding en praktyk.

Reeds sedert die ontstaan van maatskaplikewerk-opleiding in 1938 is daar erken dat 'n teoretiese en praktiese komponent deel uitmaak van die graad of diploma-

opleiding van ‘n maatskaplike werker. Daar word ook al deur die dekades gedebatteer of daar ‘n verskil is tussen wat die opleidingsinstellings en die praktyk van mekaar verlang (Engelbrecht 2001:347). Daar is deur verskillende skrywers hieroor geskrywe, soos Hoffman (1990), Botha (1976), McKendrick (1998) en Gray (1998). Die hoofrede hiervoor was dat daar tot 1994 grootendeels gefokus is op die blanke bevolking se behoeftes en hoe dit ooreenstem met internasionale tendense wat hoofsaaklik op Amerikaanse literatuur gegrond is. ‘n Verdere aspek van die debat is dat die akademici teorie ontwikkel het en die praktyk nie tyd daarvoor gehad het om deel van die proses te wees nie. Dit het die skeiding tussen teorie en praktyk laat vergroot en daartoe gelei dat maatskaplike werkers nie noodwendig opgelei is vir wat hulle werk in die praktyk sal behels nie. Die ander kant van die argument is dat daar ‘n verantwoordelikheid by elke organisasie lê om indiensopleiding aan sy werknemers te verskaf en dat sekere opleiding van die maatskaplike werkers slegs in die praktyk kan plaasvind. Die navorser het nie hier aandag gegee aan die werksaamhede van ander bevolkingsgroepe nie.

2.3.2 Inheemse kennis.

Die demokratiese bedeling het deur middel van die Witskrif op Maatskaplike Welsyn (1997) en ook die Afrika Renaissance uitgelig dat daar veral in praktikum gekyk sal moet word na inheemse kennis en hoe dit tot voordeel van die breë bevolking in sy geheel vir Suid-Afrika kan wees. In die tagtigerjare was Morris Cohen die voorloper wat aangedui het dat die klem moet val op inheemse maatskaplike werk (Engelbrecht 2001:347). Die navorser bepleit egter ‘n balans. Daar moet aandag geskenk word aan die tendense wat in byvoorbeeld Amerikaanse literatuur waargeneem word, maar ook geleentheid geskep word vir die ontwikkeling van inheemse kennis wat van toepasssing in Suid-Afrika kan wees. Daar is ‘n klem op die verband tussen die mens en sy ekologiese omgewing. So is daar in 2001 deur die GUK bepaalde resolusies geformuleer wat inheemse praktyk bevorder.

2.3.3 Maatskaplike ontwikkelingsparadigma.

Die voorafgaande gee aanleiding tot ‘n meer resente vraagstuk in opleiding van maatskaplike werkers naamlik dat daar ‘n balans gehandhaaf moet word tussen ontwikkelingswerk en direkte dienslewering. Daar word sedert 1995 ‘n lewendige debat oor dié aspek gevoer deur onder andere Patel (1992), Louw (1996), Lombard (1997), Fouche en Delport (2000), Midgley (2001) en Ludick en Nel (2001). Die fokus van die Witskrif op Maatskaplike Welsyn (1997) is ontwikkelingswerk en die verskuiwing is weg van individuele dienslewering. (Midgley 2001:267) stel dit duidelik dat die fokus van die ontwikkelingsbenadering daarin geleë is dat ekonomiese voorspoed bewerkstellig moet word. Daarom kan die verligting van armoede en die fokus op voorsiening in basiese behoeftes deur hierdie benadering geskied. Dit blyk dat statutêre intervensies steeds die dringendste aandag van die maatskaplike werker verg. Dit is egter belangrik om te onthou en besef dat nie alle kliënte se probleme deur statutêre intervensies hanteer kan word nie. Die studente in maatskaplike werk moet dus kennis dra van die toepassing van ontwikkelingswerk, maar steeds weet op grond waarvan kinders uit ouers se sorg verwyder word.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

2.3.4 Uitkomsgebaseerde wetgewing.

‘n Verdere nuwe verwikkeling in opleidingskringe is die Onderwysdepartement se aanvaarding van verskeie beleidsdokumente, byvoorbeeld die Wet op Hoër Onderwys vir Suid-Afrika en die Higher Education Policy se uitkomsgebaseerde onderwys wat nuwe eise stel aan die dosente wat opleiding in maatskaplike werk bied. Die Nasionale Kwalifikasieraamwerk is ‘n opleidingsraamwerk vir opleiding van studente en die daarstelling van opleidingstandaarde. Die uitdaging vir maatskaplikewerk-diensberoepe en spesifiek vir maatskaplikewerk-opleiding is om kwaliteit te verseker in die registreer van standaardeenhede en ook registrasie van kwalifikasies volgens die raamwerk (Lombard 2002:1). Uitkomsgebaseerde wetgewing vereis dat maatskaplikewerk-opleiers die kurrikulum indringend hersien met die klem op vaardigheidsontwikkeling eerder as teoretiese kennisuitbreiding. Verder is erkenning van vorige leer (EVL) een van die belangrikste nuwe beginsels

in uitkomsgebaseerde onderwys. Dit impliseer dat maatskaplikewerk-opleiers erkenning moet gee aan ervaring van persone wat byvoorbeeld as vrywilligers optree. Hierdie beginsel het veral ‘n implikasie vir die ontwikkeling en implementering van minimum standaarde.

2.3.5 Daarstelling van minimum standaard.

Daar is 19 universiteite en een kollege wat opleiding in maatskaplike werk verskaf en hulle kursusse is uiteenlopend. Daar was nog nooit van te vore minimum standaarde vir opleiding bepaal nie en dit sal nou deur die SGB gedoen word. ”The main purpose of the SGB for social work will be to formulate new unit standards and qualfications for social work” (Lombard 2001:3). Dit mag lei tot spesialis terreine van maatskaplike werk en dat elke universiteit sy eie terrein ontwikkel. Die moontlikheid dat elke opleidingsinstelling dieselfde opleiding verskaf, is egter nie uitgesluit nie. Daar sal ook aan die dosente opleiding verskaf moet word oor die toepassing van uitkomsgebaseerde opleiding. Indien laasgenoemde gebeur, kan die verskillende skole van maatskaplike werk moontlik saamsmelt om te oorleef. Die opleiding van maatskaplike werkers sal al meer in die toekoms op die verligting van armoede moet fokus, aangesien dit die fokuspunt van maatskaplike werk in die toekoms moet wees.

2.3.6 Maatskaplike werkers in die praktyk.

Daar is al hoe minder studente wat maatskaplike werk as beroep kies en dit lei tot ‘n daling in studentegetalle by alle opleidingsinstellings (Naidoo & Kasiram 2002). Daar is ook nie genoeg poste beskikbaar vir maatskaplike werkers nie en die vergoedingspakkette van die maatskaplike werker is swak.

Benewens die kwynende getal maatskaplike werkers verlaat studente en maatskaplike werkers die land. In ‘n studie wat deur Naidoo & Kasiram (2002) gedoen is, is dit duidelik dat maatskaplike werkers beter vergoeding en werksomstandighede in die buiteland geniet. Dit het tot gevolg dat al hoe meer

maatskaplike werkers die buiteland as potensiële mark beskou. Die positiewe aspek hiervan moet egter nie ontken word nie, naamlik dat globalisering ‘n realiteit is en dat Suid-Afrikaanse maatskaplike werk positief deur internasionale tendense beïnvloed kan word. ‘n Definitiewe verantwoordelikheid rus op die maatskaplikewerk-opleier wat ook die student vir die internasionale mark moet voorberei.

‘n Voortsetting van die voorafgaande argument is dat daar moontlik ‘n behoefte bestaan aan ‘n studie van die kurrikulum van maatskaplike werk. Die Raad vir Maatskaplike Diensberoepe behoort te bepaal of die kurrikulum wat by al twintig instansies toegepas word wel van toepassing is in die huidige Suid-Afrika en of daar geleentheid gegee word vir spesialisasie. Dit sal ‘n taak van die SGB kan wees om te bepaal, hoe die res van die kurrikulum daaruit sien nou dat die minimum standaarde bepaal is.

2.3.7 Verantwoordbaarheid

Gedurende die sewentiger en tagtigerjare het die debat gefokus op aanspreeklikheid van die maatskaplike werker. Die maatskaplike werker moet verantwoordelikheid aanvaar dat daar verandering by die kliëntsisteem kan plaasvind en om te bepaal in hoe ‘n mate die verandering plaasgevind het. Het die kliëntsisteem se situasie verbeter en het daar groei plaasgevind? Bloom en Fisher (1982), Fisher (1978), Fisher en Hudson (1983) en Faul (2001) is van die skrywers wat in die tydperk ook die klem laat val het op meetinstrumente wat as hulpmiddel kan dien om verandering by die kliëntsisteem te meet. In 2002 is ‘n werkgroep oor assessering gestig wat ten doel het om die Raad vir Maatskaplike Diensberoepe aangaande verantwoordelikheid te adviseer.

Die Raad vir Maatskaplike Diensberoepe is tans besig om indringend ondersoek in te stel na die verantwoordlikheid van maatskaplike werkers in die praktyk. Maatskaplike werkers het ‘n verantwoordelikheid om effektiewe en betroubare dienslewering te bevorder. Enkele voorbeelde hiervan is:

i) Deurlopende evaluasie van effektiwiteit van dienslewering
ii) Konsekwente en akkurate meting van maatskaplike probleme op mikro- en makrovlak
iii) Toegepaste navorsing van dringende vraagstukke
iv) Konsekwente en gestruktureerde toepassing van prosedures en werksprotokolle in maatskaplike dienste

2.4 SLOTOPMERKING

Die agtergrond wat in die hoofstuk geskets is, verskaf perspektief vir die motivering van die studie wat deur die navorser onderneem is. Alhoewel daar vir dekades oor verskillende vraagstukke gedebatteer is, is daar sekere veranderlikes wat altyd teenwoordig sal wees en wat gebruik moet word om transformasie in die toekoms teweeg te bring. Die beroep en professie kom 'n lang en moeilike pad deur die 20ste eeu, maar die uitdagings wat in die volgende dekade voor ons lê, sal baie nuwe tendense en ontwikkelinge tot stand bring wat opwindend is.

In die volgende hoofstuk sal daar gekyk word na die veranderlikes wat volgens die navorser in ag geneem moet word.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

HOOFSTUK 3

KONTEKSTUALISERING VAN DIE STUDIE IN GEVOLGE DIE VERANDERLIKES

3.1 INLEIDING

Departemente van Maatskaplike Werk aan universiteite het nog altyd stappe gedoen om die kurrikulum te verander om dit sodoende aan te pas by veranderinge wat op nasionale beleidsvlak in Suid-Afrika geskied, soos uitgewys deur die Gesamentlike Universiteitekomitee vir Maatskaplike Werk, wat aan die parlement in Junie 2001 voorgedra is (Booyens en Tshiwula 2001: xii). Die volgende resente nasionale beleidsdokumente behoort dan ook in ag geneem te word by die nuutste transformasieproses, naamlik:

Witskrif op Maatskaplike Welsyn (1997)
Maatskaplike Welsynaksieplan (1998)
Finansieringsbeleid vir Ontwikkelings Maatskaplike Welsyndienste (1999)
Wet op Suid-Afrikaanse Kwalifikasie Owerheid (nommer 58 van 1995)
Wet op Hoër Onderwys (nommer 101 van1997)

In die eerste hoofstuk is gemeld dat vyf veranderlikes geïdentifiseer is en in watter mate dit met die opleiding van maatskaplikewerk-studente in verband gebring word. Die doel van hierdie hoofstuk is om agtergrond oor die vyf veranderlikes te verskaf wat die grondslag van hierdie studie vorm.

3.2 DIE WITSKRIF OP MAATSKAPLIKE WELSYN

Na 1994 het daar ‘n nuwe bedeling in Suid-Afrika tot stand gekom en dit het ‘n meer gebalanseerde welsynsbeleid tot stand laat kom, ten einde aan alle Suid-Afrikaners toegang tot hulpbronne te gee. Suid-Afrika is ‘n ontwikkelende land binne Afrika met

groot verwagtinge van die grootste deel van die bevolking. Daar moet dus ‘n klemverskuiwing plaasvind van individuele werk na meer gemeenskapgebaseerde werk, wat armoede aanspreek, en sodoende tot bemagtiging van die agtergeblewe gemeenskappe lei. In die Witskrif op Maatskaplike Welsyn (1997:20) spel die regering sy beleid en ook fokus van programme uit.

By die universiteite is daar ‘n duidelike fokus op kennis, strategieë en opleiding in die teikengroepe soos deur die Witskrif geïdentifiseer is. (Booyens & Tshiwula 2001: xii). Voorts word ook genoem dat “Education and training programs aim to be relevant to the realities of the challenges facing practitioners.” Daar is onduidelikheid oor hoe presies ontwikkelings- maatskaplike werk by die kurrikulum en ook die praktyk moet inpas (Lombard 1999:98). Dit blyk uit die navorser se praktykervaring dat maatskaplike werkers nog nie ten volle besig is om gemeenskapsontwikkelingswerk te beoefen nie alhoewel ‘n geïntegreerde benadering die vereiste is. Riglyne vir die strategiese beplanning en uitvoering van hierdie integrasie ontbreek egter.

Maatskaplikewerk-studente sal voorberei moet word om generiese maatskaplike werk vanuit ‘n ontwikkelingsparadigma te kan doen (Lombard 1999:97). Bo en behalwe gemeenskapontwikkelingswerk word daar ook ‘n verdere ses hoofgroepe vir dienslewering uitgesonder (Lombard 1999:97). Sy noem dat ontwikkelings-maatskaplike werk nie net oor ontwikkeling van gemeenskappe handel nie, maar ook individue, gesinne, en persone met spesifieke behoeftes insluit. Dit beteken ook nie dat die deelnemende ontwikkelingsmetode en -proses wat nou voorgeskryf word, vanself tot ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling nie sal lei.

Vervolgens sal elkeen van die groepe bespreek word met die oog daarop dat die opleidingsinstelling die maatskaplikewerk-studente oplei om dienste aan die onderskeie groepe te kan lewer, en ook om klem op ontwikkelingswerk te lê. Die navorser het bepaal dat daar artikels oor die ontwikkelingsbenadering geskrywe is, maar dat daar nie publikasies verskyn het oor die verskillende groeperinge wat fokusareas is volgens die Witskrif op Maatskaplike Welsyn (1997) nie. Om die rede

word hierna slegs inligting wat uit die bestudering van die Witskrif op Maatskaplike Welsyn (1997) verkry is, bespreek.

3.2.1 Gesinne en lewensiklus

Die regering ondersteun die bevordering van die gesinslewe en stel die beskerming van kinders as die hoogste prioriteit, soos uiteengesit in die Witskrif op Maatskaplike Welsyn (1997:41-46). Gesinne en kinders moet ten alle koste betrokke wees by besluite wat oor hulle lewens geneem word. Programme moet gefokus wees op die veranderde gesinstrukture om tot voordeel van die beskerming van kinders en vrouens te wees.

Daar moet ook aandag gegee word aan maatskaplike toelae om die gesinne met spesifieke behoeftes by te staan. Veral die enkelouers en kinders onder sewe jaar behoort toelae te ontvang. Die gesinne wat ook bejaardes en gesinslede met spesiale behoeftes versorg, moet deel van gesinsopbouingsprogramme uitmaak.

Intervensie moet fokus op voorkomingswerk, beskerming van die gesinne en laastens op statutêre dienste – in hierdie volgorde van prioriteit. Programme ingevolge van lewensvaardighede en ouerskapsvaardighede is ‘n prioriteit. Dienste ten opsigte van pleegsorg, aanneming en residensiële sorg is vorme van sorg om die gesinne by te staan.

Daar word ook in die deel van die Witskrif op Maatskaplike Welsyn klem gelê op die bekamping van kindermishandeling, hantering van kinder- en jeugoortreders, kinderarbeid, substansmisbruik, straatkinders en kinders wat deur egskeiding geaffekteer word.

3.2.2 Jeugsorg

Die ouderdomsgroep 16 tot 33 jaar word spesifiek uitgesonder aangesien hulle 32,5% van die land se bevolking uitmaak. Drie miljoen is werkloos en groot getalle

van die jeug het skool vroeg verlaat. ‘n Hoë voorkoms van betrokkenheid by kriminele bedrywighede en tienerswangerskappe kom voor. Daar moet spesifieke programme geloods word om dié deel van die bevolking tot hulle volle potensiaal te laat ontwikkel. Die Witskrif op Maatskaplike Welsyn (1997:47-48).

3.2.3 Bejaardesorg

Die Witskrif op Maatskaplike Welsyn (1997:49-50) beveel aan dat daar meer vanuit ‘n holistiese benadering na bejaardheid gekyk moet word. Gemeenskapgebaseerde dienste moet die fokus wees in so ‘n mate dat die bejaardes deel van die gemeenskap vorm. Elkeen moet ook finansieel voorsiening maak vir sy eie ou dag, maar die staat het ‘n verantwoordelikheid teenoor die verstote en verswakte bejaardes.

3.2.4 Vrouens

Die staat is deeglik bewus daarvan dat die meeste gesinne finansieel deur die vrou ondersteun word en 55% in die informele sektor werk. Daar word aandag geskenk aan haar ontwikkelingsbehoeftes en rol as versorger in die gesin. Daar het ook nuwe wetgewing gekom om die vrou te help en om haar meer te beskerm soos die Wet op Gesinsgeweld (nommer 116 van 1998). Ook moet daar spesifieke programme wees ter voorkoming van geweld teenoor vroue (Die Witskrif op Maatskaplike Welsyn 1997:51-52).

3.2.5 Persone met gestremdheid en spesiale behoeftes

Persone met spesiale behoeftes en gestremdheid moet deel uitmaak van programme. Geskikte werkplekke en toelae moet vir hulle beskikbaar wees. Daar moet ‘n nasionale strategieprogram geloods word, soos ‘n algemene opvoedings-program vir die publiek om inligting te verskaf oor persone met gestremdheid. Klem word op geskikte werkplasings vir die persone gelê.

In hierdie afdeling word spesifiek verwys na substansmisbruik. Dit word as een van die grootste maatskaplike probleme beskou. Daar moet interdissiplinêre programme aangebied word wat klem lê op voorkomingsprogramme. Die Regering is heeltemal bereid om medeverantwoordelikheid hiervoor te aanvaar. Gemeenskapgebaseerde programme in voorheen agtergeblewe gemeenskappe moet 'n fokuspunt word.

Misdaadvoorkomingsprogramme is 'n verdere fokus van die Witskrif. Daar moet programme vir die slagoffer van misdaad aangebied word, sowel as dienste aan die oortreder. Die oortreder moet ook bygestaan word met hertoetreding tot die gemeenskap. Die jeugoortreders moet hanteer word in die lig van afwenteling en programme om te voorkom dat hulle weer by misdaad betrokke raak (Die Witskrif op Maatskaplike Welsyn 1997:53-62).

3.2.6 Persone met kroniese siektes

In Suid-Afrika is daar 'n groot deel van die bevolking wat aan kroniese siektes lei wat die dood tot gevolg het. In die verband word twee siektes uitgesonder, naamlik: TB en MIV/VIGS. Daar moet verligting verskaf word aan die gesinne met so 'n persoon in hulle midde. Daar word aanbeveel dat opleiding verskaf word aan maatskaplike werkers en ook ander beroepe om dié gesinne by te staan.

Programme om persone te huisves moet geïmplementeer word. Opvoedingsprogramme ter voorkoming van die siektes moet aan die publiek beskikbaar gestel word, volgens die Witskrif op Maatskaplike Welsyn (1997:62-66).

3.3 WET OP HOëR ONDERWYS VIR SUID-AFRIKA NOMMER 101 VAN 1997

Die tweede veranderlike is die vereiste wat die onderwysstelsel aan opleidingsinstellings stel om uitkomsgebaseerde onderwys toe te pas. Volgens die Staatskoerant Wet no 101 van 1997 die Wet op Hoër Onderwys vir Suid-Afrika word daar voorsiening gemaak vir 'n enkel geköordineerde hoëronderwysstelsel wat ten doel het om programgebaseerde hoër onderwys tot stand te bring (Higher Education

Policy Unit 1999:2). Uitkomsgebaseerde O nderwys en Opleiding se wegspringplek is die beplande uitkomste in teenstelling met die insette van die tradisionele kurrikulumgedrewe onderwys en opleiding.

Green (1999:30) verwys na Botha wat reeds in 1997 die volgende in die verband gesê het, naamlik: “Over the next couple of months or years, we as social work educators will have to devote ourselves to an intensive reconstruction of academic offering with a view to its embodiment in these new types of programmes that are based on outcomes”. Die fokus is op die verband tussen spesifiek bedoelde resultate van leer in teenstelling met die tradisionele model wat ‘n lys van onderwerpe gegee het wat in die modules gedek sou word.

Hiermee word beoog dat toelating, kurrikulum, kwalifikasieraamwerke, in oop en buigbare sisteme sal funksioneer waar krediete verwerf kan word en verskillende vlakke van toetreding vir die leerders beskikbaar sal wees.

Die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid het riglyne bepaal waaraan alle opleidingsinstellings hulle opleiding m oet meet:

Problem-oplossende vaardighede
Spanwerk
Selfverantwoordelikheidsvaardigheid
Navorsingsvaardighede
Kommunikasievaardigheid
Tegnologiese en omgewingsbewustheid
Ontwikkeling van makrovisie
Leervaardigheid
Landsburgerskap
Kulturele bewustheid
Werkgel eentheid
Entrepreneurskap (Higher Education Policy Unit,1999:18)

Alle kursusse moet dus in dié formaat omskrywe word en gedurende klasaanbieding moet die verskillende uitkomste aan die studente oorgedra word. Alle

opleidingsinstellings moes hulle voorlopige kwalifikasies by die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieraad teen Junie 2000 geregistreer het. In The National Qualifications Framework: Overview: 8, word beklemtoon dat die samestellers van die kwalifikasie moet sorg dat al die kritiese uitkomste aandag moet ontvang op die korrekte vlak soos verwag word van die betrokke kwalifikasie. Daar sal dus na die veranderlikes gekyk word om te bepaal of die opleidingsinstelling en ook die studente, 'n klemverskuiwing na die uitkomste kon waarneem. Daar bestaan ook begrip daarvoor dat nie al die uitkomstes noodwendig in een kursus gedek kan word nie, maar dat daar 'n veronderstelling is dat daar wel in die vierjaaropleiding aan almal aandag geskenk is.

3.4 DIE RAAD VIR MAATSKAPLIKE DIENSBEROEPE

Na 1994 is daar 'n tussentydse Raad vir Maatskaplike Werkers gestig, waarna daar in 1997 'n meer verteenwoordigende Raad vir Maatskaplike Diensberoepe in die lewe geroep is. Een van die hooftake van die Raad is om minimum standaarde vir die opleiding van maatskaplikewerk-studente daar te stel. McKendrick (1998:106) noem dat daar reeds in 1996 vir die Tussentydse Raad vir Maatskaplike Werkers deur die Gemeenskaplike Universiteitekomitee versoek is dat hulle 'n subkomitee saam met die Raad sal vorm, om die minimum standaarde van opleiding in Maatskaplike werk te bepaal.

Volgens huidige regulasies moet 50% van 'n student se vakke alvorens hy/sy by die Raad as maatskaplike werker kan registreer, uit 'n maatskaplikewerk-agtergrond bestaan. Tans is daar versoeke dat die getal aangepas moet word, maar geen nuwe regulasie is deur die Raad vir Maatskaplike Diensberoepe aanvaar nie. Daar is verskillende werkgroepe op die been gebring om die standaarde te bepaal. Hier vind wye konsultasie plaas en die proses is nog aan die gang. Daar word vertrou dat die vereistes vroeg in 2003 beskikbaar sal wees. Vir die doeleindes van hierdie studie sal die rol van die Raad in transformasie ondersoek word, maar die werk van die SGB's met betrekking tot standaarde vir maatskaplikewerk-opleiding, sal weens tydsbeperking nie aandag geniet nie.

3.5 TENDENSE IN INTERNASIONALE EN PLAASLIKE VAKTYDSKRIFTE

Lombard (1999:104) noem dat daar van maatskaplikewerkopleidingsinstellings en hulle dosente verwag word om hulle programme in ooreenstemming met nuwe nasionale tendense te bring. Die navorser is van mening dat internasionale tendense weens globalisering aandag moet geniet. Engelbrecht (2001:347) verwys na die feit dat daar deur die jare probleme was met die gehalte van praktykopleiding van maatskaplikewerk-studente by die organisasies en universiteite, aangesien daar hoofsaaklik gefokus is op die behoeftes van die blanke bevolking en dat die literatuur vanuit die VSA as fokus gebruik is. Volgens die skrywer moet daar nou, met die fokus op ontwikkelingswerk, juis gekyk word na inheemse maatskaplikewerk-opleiding en nie hoofsaaklik die opleiding op internasionale invloede rig nie. Die skrywer bepleit 'n balans tussen die twee uitgangspunte, naamlik dat meer inheemse teorieë vir Afrika ontwikkel word, maar dat die internasionale teorieë die balans vorm.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

'n Kleinskaalse meta-analise is gedoen ten einde 'n oorsig te kry van internasionale tendense. Daar is vier internasionale en twee nasionale vaktydskrifte geïdentifiseer en 'n studie van die afgelope vyf jaar is gemaak oor watter artikels daarin verskyn het, wat nuwe tendense weerspieël.

3.5.1 In die *Encyclopedia of Social Work 1997* is daar die volgende artikels ingesluit wat nuwe tendense aandui soos deur die outeurs geïdentifiseer. Daar is verskeie artikels oor, naamlik:

- die gebruik van rekenaars tydens die opleiding van studente
- geweld in homoseksuele verhoudings
- internasionale aannemings

3.5.2 In die *Journal of Social Work Education* word die volgende vernaamste temas gedurende die afgelope vyf jaar geïdentifiseer, naamlik:

- Onderrig van navorsing
- Onderrigtendense en sake aangaande onderrig
- Kurrikulumontwikkeling
- Studente-aangeleenthede, wat artikels insluit van toelatingsvereistes, afstandsonderrig en ook skryfvaardighede
- Etiese aspekte van opleiding en die professie
- Diversiteit en hoërisiko- bevolkingsgroepe
- Spesiale uitgawe wat gehandel het oor die nuwe millennium en ontwikkelinge in maatskaplike werk in die toekoms

Die volgende terreine is geïdentifiseer: gebruik van rekenaars in opleiding en ook in die praktyk van maatskaplike werk, aanpassings in die kurrikulum vir 'n nuwe tydvak, afstandsonderrig van maatskaplikewerk-studente en bemagtiging van studente.

3.5.3 *Social Work - Journal of the National Association of Social Workers* het gedurende die vyf jaar artikels bevat wat oor die volgende onderwerp gehandel het, naamlik:

- Professionele standaarde vir maatskaplike werk
- "Managed care systems"
- Aanneming - internasionale aanneming asook inter-etniese aannemings
- Geslagsaspekte
- Beleidsaspekte wat op die VSA van toepassing is
- Kroniese siektes en persone met spesiale behoeftes
- Gemeenskapsontwikkeling
- Verandering in die 21ste eeu
- Armoede
- Geweld in skole en ook in die gemeenskap waarin ons woon
- Straatkinders en kinders wat van hulle huise wegloop

Geweld in veral skole het aandag ontvang asook grootouers wat kinders as gevolg van omstandighede moet grootmaak. Kruiskulturele sensitiwiteit van kliënte en begrip vir homoseksuele persone moet by die maatskaplike werker

bestaan. MIV/VIGS en kinders wat seksueel aktief is in die skole is ook in ‘n paar artikels bespreek.

3.5.4 In die *British Journal of Social Work* is daar in die afgelope vyf jaar artikels gepubliseer oor:

- kindermishandeling
- kroniese siektes of persoon met spesiale behoeftes
- standaarde vir opleiding
- standaarde vir die professie en etiek
- werk met die kind
- kruiskulturele aspekte
- verskillende metodes in maatskaplike werk
- “managed care”
- gemeenskapsorg

Daar is heelwat oor proefdienste en statutêre werk gepubliseer. Daar is ‘n evaluering gemaak van die assessering van kindersorgwerk en daar is ook oor die hantering van trauma en die effek daarvan op die ekonomie geskryf.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

3.5.5 Uit die bestudering van die nasionale vak tydskrif *Maatskaplike Werk/Social Work* kan die volgende tendense waargeneem word nadat daar ‘n verskeidenheid artikels oor die onderwerpe verskyn het, naamlik:

- Veranderinge in maatskaplike welsyn en beleidsaspekte
- Gemeenskapontwikkelingswerk
- Professionele ontwikkeling
- Opleiding van studente
- Die volwasse oortreder, hoërisiko-kinders en straatkinders.

3.5.6 *Die Maatskaplikewerk Navorsings-Praktisyn* is die volgende tendense geïdentifiseer, naamlik:

- Veranderinge in maatskaplike welsyn en beleidsaspekte
- Kindermishandeling
- Persone met spesiale behoeftes

- MIV/VIGS
- Gemeenskapsontwikkeling.

Dit blyk dat daar in die RSA die afgelope vyf jaar heelwat geskryf is oor nuwe beleid op nasionale vlak. Daar het wel ook artikels in verband met opleiding van maatskaplikewerk-studente verskyn. Die artikels oor jeugoortreders, geweld in skole en hoërisiko-kinders stem ooreen met dit wat in die internasionale tydskrifte in die tydperk waargeneem is. “Managed care” kom nie in plaaslike literatuur voor nie. Die vaktydskrifte word gekenmerk deur artikels wat verskyn oor die professionele etiek en opleiding van studente en ook praktiserende maatskaplike werkers, gevolg deur watter tipe probleem hulle werksaam is, soos straatkinders, kindermishandeling of MIV/VIGS. Kruiskulturele aspekte kom telkens na vore in internasionale tydskrifte.

3.6 TENDENSE IN HUIDIGE SAMELEWING

Dalton en Wright (1999:278) bespreek die dilemma waarin maatskaplikewerk-opleiding verkeer deur te verwys na “social work education may need in some ways and at times to lead the field and at others to follow”. Die uitdaging is daarin geleë om te bepaal wanneer om te lei of wanneer om te volg. In die een en twintigste eeu is dit soveel meer van toepassing, aangesien die omgewing waarin die maatskaplike werker werk, nog soveel meer verander het. Rankin (1997:187) sê dat die ontwikkelingsbenadering vergelyk kan word met ‘n skip wat van koers moet verander. Hier word daar van die opleidingsinstelling verwag om die rigting aan te dui en dit op te volg in vennootskap met die praktyk van maatskaplike werk. Dit dui op ‘n gedurige wisselwerking tussen opleidingsinstellings en die praktyk.

In Lesnik (1997:28) beskryf Thompson, Murphy en Stradling, die klimaat van verandering in maatskaplike werk, naamlik die verbruiker van die dienste kry al meer ‘n stem om te praat, byvoorbeeld gestremdes, slagoffers en leergestremdes. Dit plaas ‘n addisionele las op die maatskaplike werker om die belangegroepe in programme en besluitnemingsprosesse te betrek.

Verder gaan hulle voort om te noem dat alle persone gelykwaardig behandel moet word. Hulle noem ook ten slotte dat maatskaplike werkers vir die generiese praktyk opgelei is, maar dat daar in die praktyk van hulle verwag word om gespesialiseerde dienste te lewer. In Lesnik (1997:71) verwys Adams na die paradigmaskuif wat plaasgevind het, in die sewentigerjare was dit behandelingswerk, in 1980 selfhelpprogramme en sedert die middel negentigerjare is die fokus op bemagtiging van die mense.

Daar is voortdurende kontak tussen die praktyk van maatskaplike werk en opleidingsinstellings en dit word deurgaans beklemtoon. Die kommunikasie tot dusver was hoofsaaklik ten opsigte van die studente en hul praktykblootstelling, daar is min kontak oor breër knelpunte in die praktyk en die impak wat die omgewing het op eise wat aan maatskaplike werkers gestel word (Green 1999: 29).

Daar word ‘n pleidooi gelewer dat opleidingsinstellings nie net met organisasies kontak sal maak ten opsigte van die studente nie, maar juis met organisasies wat nie studente neem nie om sodoende alle rolspelers te kan benut as bron om kurrikulumveranderinge aan te bring (Green 1999:34). Die daarstelling van praktykadviesgroepe word bespreek om sodoende meer betrokkenheid daar te stel van die praktiserende gemeenskap in die beplanning van die kurrikulum en die navorsingsproses. Daar moet samewerking wees tussen die twee belangegroepe, naamlik: die opleidingsinrigting en die praktiserende maatskaplike werker (Lombard 1997:12) Sodoende word daar saamgewerk om die doelstellings van maatskaplike werk te bereik. Dit lei ook tot kreatiwiteit en maniere om die sosio-ekonomiese probleme op te los. Hierdie samewerking vind tans effektief plaas deur middel van ‘n verteenwoordigende SGB.

Sedert 1936 toe maatskaplikewerk-opleiding as ‘n afsonderlike graad en diploma erken is, het baie veranderinge na vore getree (McKendrick 1999:99). Vier en sestig jaar gelede het sekere dinge nie vir die maatskaplike werker bestaan om aan aandag te gee nie. Die gemeenskappe waarin ons tans lewe het drasties verander. ‘n Voorbeeld van verandering in gemeenskappe is die geweld. Die navorser is van mening dat in Suid-Afrika feitlik elke gesin geraak word deur die geweld wat in ons

land ervaar word. Die hoë voorkoms van *verkragting* kan as ‘n voorbeeld genoem word. Die *kaping* van motors het geweldig toegeneem en dit stel sekere eise aan die samelewing. Daar was ook nie s*traatkinders,* soos dit vandag al meer na vore tree nie. Aangesien *homoseksualiteit* al meer openlik in die gemeenskap aanvaar word, stel dit eise aan die maatskaplike werker, byvoorbeeld aanneming van babas deur homoseksuele paartjies en kinders wat in die omstandighede grootword.

MIV/VIGS -gevalle word al meer by die welsynsorganisasies aangemeld, aangesien die gesinne bystand nodig het. Al hierdie nuwe eise moet deur die maatskaplike werker hanteer word.

Drower (2002:11) *v*erwys na Potgieter (1998:66-68) wat vyf interafhanklike areas identifiseer wat ‘n effek op die gemeenskap het waar n die maatskaplike werker werk en wat in gedagte gehou moet word vir beplanning van projekte, naamlik: werkloosheid, ondervoeding, hongersnood, behuising en gesondheid, vlak van opvoeding en geletterdheid en ten slotte, geweld. Dit is nie die taak van die maatskaplike werker om slegs aan die areas aandag te gee nie, maar ook om die gemeenskappe by te staan en die inwoners te bemagtig (Drower 2002:14).

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

3.7 SLOTOPMERKINGS

Sedert 1994 het daar ingrypende veranderinge in Suid-Afrika plaasgevind. Daar is van ‘n onderhandelde revolusie oorgegaan vanaf ‘n beleid van apartheid na ‘n demokrasie wat alles verander wat deel uitgemaak het van die bedeling onder die vorige regering. Die afsonderlike stelsels in die staatsdepartement vir welsyn is nou almal saamgevoeg en moet as een funksioneer. Dit het tot gevolg dat die verskillende maatskaplike werkers wat slegs onder hulle eie rasgroep werksaam was, nou oor rasgrense heen werk. Daar word nou ook persone met verskillende opleiding saamgevoeg en sekere uitsette word van hulle verwag, waaraan hulle opleiding nie noodwendig voldoen nie. Dit is ook oorblyfsels van die apartheidera.

Die ander veranderlike is die veranderinge op onderwysgebied. Die gedeeltelike isolasie gedurende die laat apartheidsjare het ‘n mate van stagnasie, selfs in

maatskaplikewerk-opleiding, laat intree. Suid-Afrika is nou ten volle lid van die wêreldgemeenskap en word ook deur globalisering geraak. Om hierdie rede moet daar nou aktief dienste ontwikkel word wat die gemeenskap in sy geheel insluit, dit wil sê alle bevolkingsgroepe en ook bemagtiging op alle terreine.

Sommige departemente van maatskaplike werk aan universiteite word moontlik saamgevoeg. Dit sal 'n direkte effek van hoe opleiding op die Maatskaplikewerk – terrein geskied het. Elke maatskaplikewerk-departement moet sy eie spesialiteitsgebied bepaal en op grond daarvan die spesifieke studente werf. Daar moet egter nog toegesien word dat meer doeltreffende dienste tot stand gebring word en ook dat maatskaplike werkers meer effektief opgelei word vir die radikaal veranderde samelewing.

Die veranderlikes wat in die hoofstuk bespreek is, is onder geen omstandighede al veranderlikes wat opleiding beïnvloed nie. Daar is gepoog om uit verskillende hoeke na die fenomeen van maatskaplikewerk-opleiding te kyk.

Deur voorafgaande is fase 1 se eerste vier doelstellings bereik, naamlik 1.4.2.1 die veranderlikes is vanuit literatuur geïdentifiseer, 1.4.2.2 die fokusareas van die Witskrif op Maatskaplike Welsyn is uitgelig, 1.4.2.3 die invloed van uitkomsgebaseerde onderwys, 1.4.2.4 die tendense in nasionale en internasionale vaktydskrifte is bepaal.

Die volgende hoofstuk gee 'n beskrywing van die metodologie van die navorsingsprojek.

HOOFSTUK 4

NAVORSINGSMETODOLOGIE

4.1 INLEIDING

Die navorsingsproses soos in hoofstuk 1 aangeraak is,word hier meer volledig bespreek en ook hoe dit op die spesifieke studie van toepassing gemaak word. Die empiriese navorsing word aan die hand van ‘n kwalitatiewe navorsingsontwerp gedoen en is verkennend-beskrywend van aard. Die waarde van die hoofstuk lê daarin dat die navorsing ‘n brug bou tussen die teorie en die praktyk, en sodoende word die probleem wetenskaplik ondersoek (De Vos 1998:13). Die navorser poog om vanuit die empiriese ondersoek praktyk-relevante aanbevelings te doen.

In hierdie hoofstuk word daar ‘n breedvoerige uiteensetting van die navorsingsmetodologie verskaf. Dit sluit die volgende aspekte in, naamlik:

- navorsingsontwerp,
- doelstellings en doelwitte,
- steekproef-strategie,
- data-insameling,
- data-analise en betroubaarheid.

Deur die navorsingsmetodologie is dit vir die navorser moontlik om ‘n gerigte en duidelik gesistematiseerde soektog na nuwe kennis daar te stel.

4.2 NAVORSINGSDOELSTELLING

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

Ter nastrewing van voorgenome doelwitte word die volgende navorsingsdoelwitte in die vooruitsig gestel:

Fase I

4.2.1 Om deur literatuur te identifiseer watter moontlike veranderlikes daar bestaan, en wat aanleiding gee tot transformasie van maatskaplikewerk-opleiding in Suid-Afrika.

4.2.2 Om vanuit die Witskrif op Maatskaplike Welsyn (1997) te bepaal watter fokusareas daar bestaan om dienste te lewer.

4.2.3 Om vanuit die uitkomsgebaseerde dokumente van die Onderwysveld die implikasies te bepaal vir die opleiding van maatskaplikewerk-studente.

4.2.4 Om ‘n kleinskaalse meta-analise te doen van vakliteratuur wat die tydperk 1997 – 2001 beskryf en daardeur te bepaal watter nuwe tendense na vore gekom het met betrekking tot opleiding en ook in die maatskaplikewerk praktyk.

4.2.5 Om deur middel van ‘n fokusgroep te bepaal watter praktykbehoeftes by maatskaplike werkers bestaan, en of daar uitvoering gegee word aan die implementering van die Witskrif op Maatskaplike Welsyn in die praktyk.

Fase II

Wanneer die veranderlikes geïdentifiseer is, sal daar voortgegaan word om te bepaal of die opleidingsinstelling spesifiek hieraan aandag verleen.

4.2.6 Deur middel van gestruktueerde onderhoude met Maatskaplikewerk-akademici van drie noordelike residensiële Suid-Afrikaanse universiteite te bepaal of die geïdentifiseerde veranderlikes in ag geneem word tydens die transformasie van maatskaplikewerk-opleiding.

4.2.7 By finalejaar-maatskaplikewerk-studente van drie noordelike residensiële Suid-Afrikaanse universiteite ‘n beskrywing te kry of die geïdentifiseerde veranderlikes volgens hulle mening in ag geneem word in die transformasie van maatskaplikewerk-opleiding.

Die navorsingsproses wat vir die doel van die studie gevolg word, is om die gebeurtenisse te bestudeer wat verteenwoordigende voorbeelde van ‘n groter groep van soortgelyke verskynsels is, om sodoende te kan sê die navorsing het universele belang (Garbers 1996:296). “Die oogmerk met die tipe navorsing is om ‘n

verteenwoordigende getal persone te bestudeer en dan te veralgemeen" (Garbers 1996:296).

4.3 NAVORSINGSONTWERP

Die navorsing word aan die hand van die kwalitatiewe navorsingsbenadering gedoen en dit is verkennend-beskrywend van aard. Grinnell (1988:298) verwys na 'n beskrywende studie as die verkryging van gedetailleerde data van die totale populasie, deur 'n studie te maak van 'n deel van die eenhede wat groot genoeg is om betroubare gevolgtrekkings van die totale populasie te verseker.

De Vos (1998:15) stel dit dat kwalitatiewe navorsing primêr die metode is om data wat verbaal is, weer te gee. Verskeie outeurs, soos Bless en Higson-Smith (1995:100); Mouton (1988:11) en Neuman (2000:145,149) verwys na kwalitatiewe benadering soos volg:

In spesifieke maatskaplike realiteite is die gebruik van suiwer kwalitatiewe navorsing die effektiefste manier om 'n ondersoek te doen. Dit sluit verfynde tegnieke in, wat later in hierdie hoofstuk bespreek gaan word. Kwalitatiewe metodes bevat nie numeriese verduideliking nie, maar wel die omskrywing van gebeure. Dit fokus op onderliggende betekenisse en patrone van verhoudings. Verskeie metodes van ondersoeke kan gebruik word om die veld-ondersoek te komplementeer, met die gevolg dat verskeie metodes deur die navorser geïntegreer kan word. Data word gewoonlik deur diepgaande onderhoude, deelnemende waarneming en die gebruik van dokumente ingesamel.

Die metodologiese doelstelling van hierdie navorsing is toegepaste navorsing met die benutting van bestaande kennis en is navorsing wat handel oor die verkryging van kennis in die praktyk (De Vos 1998:16). Volgens Marshall en Rossman (1989:30) kan navorsing die volgende lewer:

- Bydrae tot kennis
- Relevante beleidmakers moet die studie bruikbaar en betekenisvol vind

- Laastens moet die navorsing deur mense in die veld gebruik kan word.

Die navoser is van mening dat die navorsing veral ook ‘n bydrae tot die opleidingspraktyk kan lewer.

Die navorsingsmetodologie van hierdie studie word vervolgens uiteengesit volgens die navorsingsproses in Neuman (2000) en Rubin en Babbie (2001). Die analise in die studie is deduktief van aard. De Vos (2002:245) dui daarop dat kwalitatiewe studies die spekulatiewe, intuïtiewe soeke na antwoorde is. Ten einde die spekulatiewe aard van kwalitatiewe navorsing aan te spreek, het die navorser op bestaande literatuur gefokus.

Deduktiewe analise is volgens De Vos (1998:16) ‘n proses wat vanaf die algemene na die spesifieke beweeg. Deduktive gevolgtrekkings word logies en gestruktureerd vanuit die literatuur gemaak. Die literatuurstudie aangaande resente vraagstukke verteenwoordig die algemene in hierdie studie. Temas wat as resultate voorgehou word, dien as die spesifieke.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

4.3 .1 Steekproefstrategie

Data word ingesamel by die volgende belangegroepe.

- Die eerste groep is ‘n fokusgroeponderhoud met verteenwoordigers van die maatskaplikewerk-praktyk.

- Die tweede groep is gestruktureerde onderhoude met verteenwoordigers van die onderskeie drie noordelike residensiële maatskaplikewerk-universiteite.

- Die derde en laaste groep is om gestruktureerde onderhoude te voer met finaljaar-maatskaplikewerkstudente by drie noordelike residensiële universiteite se maatskaplikewerk-departemente.

Daar is verskeie wyses om steekproewe te neem in geesteswetenskaplike navorsing. Die twee hoofstrategieë wat deur Neuman (2000:197) onderskei word is waarskynlikheids- en nie-waarskynlikheidssteekproefstrategieë en elkeen het vier verskillende metodes om die steekproewe te bepaal. Volgens Grinnell (1988:251) is ‘n nie-waarskynlikheidseleksie geskik vir ‘n beskrywende studie, omdat die universum se belewenis van die verskynsel verteenwoordigend is.

Nie-waarskynlikheidsmetodes is een van die volgende:

- doelgerigte steekproef – hiermee word bedoel die persone word gekeur aangesien hulle beskikbaar is
- kwotasteekproef – kies enige persoon in voorafbepaalde groepe
- sneeubalsteekproef
- keuring van informante – hier word spesifieke mense gekies soos deur die gemeenskap of organisasie uitgewys word wat oor inligting te beskik

Janesick (1994:210) noem dat die doel met kwalitatiewe steekproefstrategieë is om bewustelik ‘n teikengroep te kies wat die navorsingsvraag die beste sal beantwoord. Vir die doeleindes van hierdie studie sal daar twee of drie verteenwoordigers van elk van die universiteite gekies word, omdat keuring van die informante plaasgevind het. Die instansie het die keuring van die persone gedoen op grond van wie oor die nodige kennis beskik om die onderhoud te kan voltooi. Die gestruktureerde onderhoud verskaf aan die navorser ‘n stel bepaalde vrae waarop antwoorde verwag word asook die struktuur van die onderhoud. Die inhoud van die onderhoudskedule word ontwikkel uit literatuur en data verkry vanaf die fokusgroep. (Sien bylaag A vir uiteensetting van gestruktureerde onderhoud.)

Die selektering van die persone wat deel van die fokusgroep uitgemaak het, is soos volg bepaal. Stewart en Shamdasani (1990:18) is van mening dat die persone wat geselekteer word, verteenwoordigend van die populasie moet wees om die rede het die navorser verteenwoordigers vanuit die verskillende spesialispraktyk areas geselekteer. Deelnemers aan fokusgroepe word doelbewus as sleutel informante gekies. Die volgende areas is geïdentifiseer, naamlik generiese maatskaplike werk, byvoorbeeld kindersorg, die staatsdepartement, hospitaal maatskaplike werk,

bejaardesorg, residensiële maatskaplike werk, gemeenskapontwikkelingswerk, weermag en korrektiewe dienste. Die navorser het as fasiliteerder opgetree. Krueger (1998:3) stel dit baie duidelik dat die fasiliteerder oortuig moet wees dat die lede van die fokusgroep wel oor die nodige kennis beskik om 'n bydrae te lewer in die groep ongeag hulle agtergrond en opleiding. Die navorser het slegs die proses gefasiliteer (Krueger 1998:5).

Die studente wat tans met hulle finale jaar in maatskaplikewerk-studie besig is, sal ook doelgerig gekies word, aangesien hulle beskikbaar is. Die inhoud van die gestruktureerde onderhoude word ontwikkel uit literatuur en data wat is van die fokusgroepe verkry. (Sien bylaag B vir uiteensetting van gestruktureerde onderhoude soos deur die studente voltooi sal word.)

Na aanleiding hiervan is daar verskillende datainsamelingswyses onderskei, naamlik fokusgroep- en gestruktureerde onderhoudvoering. Onderhoudvoering is as die metode gekies, aangesien dit beskrywende navorsing akkommodeer en die steekproewe kruisseksioneel en verteenwoordigend van aard sal wees. Dit is ook egter afhanklik van 'n spesifieke konteks en groepe word saamgestel deur middel van steekproeftrekking (Garbers 1996:296).

UNIVERSITY
JOHANNESBURG

4.3.2 Proses van data-insameling

Marshall en Rossman (1989: 108) onderskei vier beginsels van data-insameling. Dit dien ook as kriteria vir data-insameling:

- Die data wat ingesamel word, moet relevant wees vir die inligting wat benodig word.
- Die navorser moet die mees praktiese, effektiewe en koste-effektiewe tegnieke van data-insameling in die navorsing gebruik.
- Die studie moet toon dat die navorser die regte metodes van data-insameling gekies het en dat dit goed deurdink is.
- Daar moet ook buigsaamheid by die navorser wees

4.3.2 (i) Die eerste groep respondente was die maatskaplike werkers in die praktyk. Daar was een fokusgroep in Gauteng gehou om te bepaal watter praktykbehoeftes transformasie in maatskaplikewerk-opleiding behoort te beïnvloed. Deelnemers aan fokusgroepe is doelbewus as sleutelinformante gekies. Daar is nege persone telefonies uitgenooi en aan hulle is slegs die oorkoepelende doelstelling van die navorsing verskaf. (Sien bylaag D vir die doelstelling van die fokusgroep, persone teenwoordig en van watter instansie hulle was.)

'n Totaal van sewe persone het die fokusgroep bygewoon. Daar was aan die respondente eerstens geleentheid gegee om hulleself aanmekaar voor te stel en agtergrond te verskaf van hoe lank hulle al betrokke by die opleiding van maatskaplikewerk-studente is en ook hulle ervaring in die maatskaplikewerk-praktyk. Dit is opgevolg deur aan hulle elkeen skriftelik die doelstelling van die navorsing te verskaf en die nodige agtergrond, wat deur die navorser verduidelik is. Die bespreking is op oudioband opgeneem toe die respondente die drie vrae soos aan hulle verskaf is, begin bespreek het. In hoofstuk 1 is daar 'n paar tendense bespreek, maar bevestiging hiervan en ander tendense is deur die fokusgroep uitgelig. Rubin en Babbie (2002:589) noem vervolgens dat dié tegniek van data-insameling nie duur is nie, en dit verskaf vinnige en buigsame resultate.

Stewart en Shamdasani (1990:15) is van mening dat fokusgroepe spesifiek bruikbaar is in verkennende studies waar daar nog nie veel kennis oor 'n onderwerp is nie. Die volgende voordele van fokusgroepe word bespreek naamlik:

- Data word op 'n vinniger manier verkry en is meer koste effektief as om met die groep persone individueel onderhoude te voer.
- Die navorser kry geleentheid om direk met respondente interaksie te hê, kan opvolgvrae vra op hulle antwoorde en kan nie-verbale kommunikasie waarneem.
- Met dié metode kry die navorser die geleentheid om data in die respondente se eie woorde te verkry.
- In die fokusgroep kry die respondente die geleentheid om op 'n respons van 'n medegroeplid te reageer.

- ❖ Die resultate van fokusgroepe is maklik om te verstaan.
- ❖ Die navorser is van mening data is ryk

4.3.2 (ii) Die tweede groep respondente is verteenwoordigers van die drie maatskaplikewerk-departemente met nie ‘n gestruktureerde onderhoud mee gevoer is. Bless en Higson-Smith (1995: 106) noem dat deur dié tegniek te gebruik daar ‘n stel vrae in ‘n spesifieke manier aan die verskillende respondente gestel word. Dit volg die riglyn van ‘n onderhoudskedule. Die onderhoudskedule is ontwikkel vanuit 1) die literatuur en 2) die data verkry uit die fokusgroepondersoek. (Skedule aangeheg as bylaag A.) Daar is by een instelling met twee dosente gesamentlik ‘n onderhoud gevoer en by die ander twee opleidingsinstellings is daar met drie dosente ‘n gesamentlike onderhoud gevoer.

4.3.2 (iii) Die derde groep respondente met wie gestruktureerde onderhoude gevoer is, was finalejaar-maatskaplikewerk-studente by die drie departemente van maatskaplike werk. In totaal is met 25 finalejaarstudente by drie opleidingsinstellings onderhoude gevoer. Dieselfde onderhoudskedule is by hierdie groep gebruik, met enkele wysigings. (Aangeheg as bylaag B)

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

4.3.3 Data-analise

a) PROSES VAN DATA-ANALISE

De Vos (2002:339) noem vervolgens dat die proses van data-analise ‘n proses is om orde te bring, struktuur te gee, en verklarings te gee vir al die data wat ingesamel is. In kwalitatiewe data word daar gesoek na algemene stellings en verhoudings tussen kategorieë van data wat tot die bou van ‘n teorie bydra.

De Vos (2002:340) verwys na Creswell se vyf stappe van data-analise by kwalitatiewe data:

- ❖ Insameling en vaslegging van data
- ❖ Bestuur van data

- ❖ Lees en memorisering van data
- ❖ Beskrywing, klassifiseer en interpreteer van data
- ❖ Aanbied en voorstelling van data

Rubin en Babbie (2002:470) bepreek die proses van kwalitatiewe analise van die data deur eerstens te sê die rou data moet van vraelyste en transkripsies van die fokusgroepe gekategoriseer word. Marshall en Rossman (1989: 114) stel dat die navorser verskeie kere deur die data moet lees om werklik daarmee vertroud te raak. In die stadium word foute in die data reggestel. Die data kan ook op 'n rekenaar program ingevoer word of kan met die hand verwerk word.

Hierna volg die volgende stap om te soek na hoofkategorieë en ook subkategorieë. Dit word gevolg deur die volgende stap om waardes en betekenisse in kategorieë te plaas deur middel van kodering. Verbande tussen betekenisse word getrek wat tot formulering van temas lei. Marshall en Rossman (1989:128) noem die volgende: "Drawing conclusions and verifying them was also seen to take place before, during and after data collection. As analysis proceeded, however, these conclusions would be tested out and elaborated systematically for their soundness and sturdiness". Die finale resultate van kwalitatiewe analisering word as temas geformuleer.

JOHANNESBURG

b) VERTROUENSWAARDIGHEID

Marshall en Rossman (1989:145) haal Lincoln en Guba aan waar daar vier maniere bespreek word om vertrouenswaardigheid in kwalitatiewe navorsing te bevorder. Die data voldoen aan die vereistes van Guba se model van vertrouenswaardigheid soos deur Oliphant (1993:33) volledig bespreek is. Die data is verfyn en sentrale temas is geformuleer.

Daar word van verskillende wyses van data-insameling gebruik gemaak wat op 'n meervoudige invalshoek dui. De Vos (2002:341) verwys na 'n meervoudige invalshoek en Rubin en Babbie (2002:432) bepreek vyf maniere waarop 'n meervoudige invalshoek in navorsing kan voorkom. Daar is vyf van die maniere van toepassing op dié navorsing, naamlik:

- Wanneer ‘n kwalitatiewe studie onderneem word, lê sy sterkte daarin dat die probleem deurtastend ondersoek word en wel op so ‘n wyse dat die onderwerp akkuraat gedefinieer en omskrywe is. Daar is verskillende metodes gebruik om data in te samel, naamlik deur literatuuroorsig en onderhoudvoering. Daar is ook tydens die onderhoude veldnotas gemaak. Die dieptebeskrywing van die kompleksiteit van die probleem dui op *geloofwaardigheid.*

- Die tweede metode is om van meer as een kwalitatiewe data-insamelingsmetode gebruik te maak. Sodoende word alle aspekte van ‘n saak ondersoek. Aan hierdie vereiste is daar voldoen, deur van (1) ‘n fokusgroep en van (2) gestruktureerde onderhoude gebruik te maak. Dit is deur middel van veldnotas, oudio-bande en transkripsies vasgelê. ‘n Meervoudige invalshoek is dus gebruik om data vas te lê. Die verskillende datavaslegging is met mekaar vergelyk. Inhoude is deur middel van hierdie proses gevalideer. Dit het vertrouenswaardigheid verhoog.

- Daar is ook van ‘n derde metode gebruik gemaak, deur data by drie groepe respondente in te samel. Die feit dat die basiese inligting by die twee groepe, naamlik dosente en finalejaarstudente herhaal word dra by tot die vertrouenswaardigheid van die ondersoek.

- Die vierde metode is dat die inligting deur ander navorsers herhaal kan word en op ander dele van die bevolking oorgedra kan word,en dit maak die studie betroubaar. Die keuring van die lede vir die fokusgroeponderhoud is so gedoen om verteenwoordigers uit die verskillende terreine van dienslewering in maatskaplike werk te reflekteer. Die steekproef van die opleidingsinstellings is doelgerig gekies omdat die persone oor die nodige kennis beskik en hulle bereid was om betrokke te wees. Die studie sal dus herhaal kan word en is *oordraagbaar.*

- Die vyfde metode is dat daar interafhanklikheid bestaan tussen die sosiale omgewing wat ondersoek is, en verfyning van die opset, wat aan dui dat die

studie betroubaar is. Daar is van ‘n deduktiewe werkswyse gebruik gemaak en ‘n uiteensetting van hoe die ontledings plaasvind, is aangedui. Die verdere gebruik van ‘n medekodeerder en bevestiging in die literatuur, bevestig die *betroubaarheid.*

4.4 Slotopmerkings

Die navorsingsmetodologie is die kern van die navorsingsproses en wat daaruit voortvloei. In die hele hoofstuk is daar duidelik uitgespel hoe te werk gegaan is om die data op ‘n sistematiese wyse in te samel. Daar is eerstens ‘n fokusgroeponderhoud gehou wat vervulling van doelwit 1.4.2.5 in hoofstuk 1 was, asook implementering van doelwitte 1.4.2.6 en 1.4.2.7 ‘n Weldeurdagte navorsingsmetodologie gee aanleiding tot ‘n duidelike navorsingsplan en die uiteindelike implementering van die navorsingsdoelstelling en doelwitte wat tot ‘n goeddeurdagte stuk navorsing lei.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

HOOFSTUK 5

RESULTATE

5.1 INLEIDING

Die hoofstuk fokus op die bevindinge van die empiriese navorsing wat weergegee en geanaliseer is. Die empiriese bevindinge word in die vorm van sentrale temas aangebied, wat die basis is van die gevolgtrekkings en aanbevelings van die studie. Ten einde temas te formuleer, is daar van ‘n metodologiese, konsekwente en sistematiese proses gebruik gemaak om rou data te verfyn. Die navorser het ‘n werksprotokol ontwikkel om die konsekwente proses toe te pas. Die toepassing van die werksprotokol lei daartoe dat geldige en bruikbare resultate uit die studie vloei.
In hierdie hoofstuk is die werksprotokol, verfynde data, gestruktureerde ontledings en die sentrale temas uiteengesit. Rou data is aangeheg in aanhangsel C, terwyl verfynde data volledig in hierdie hoofstuk verskyn.

UNIVERSITY
JOHANNESBURG

5.2 WERKSPROTOKOL

Die data is verwerk aan die hand van ‘n werksprotokol wat deur die navorser ontwikkel is. Die werksprotokol verhoog die sistematiese analisering en konsekwente kodering van data asook die vertrouenswaardigheid van die data. Hierdie protokol gee ’n stap vir stap gestandaardiseerde prosedure vir die uitvoering van die verskillende fases van die verwerking. Die werksprotokol kan soos volg uiteengesit word:

Stap 1:	Voer fokusgroeponderhoud en bepaal sodoende behoeftes van die praktyk en toepassing van die Witskrif op Maatskaplike Welsyn.
Stap 2:	Verfyn data van fokusgroep ❖ Transkribeer data ❖ Identifiseer kategorieë ❖ Ontwikkel analiseringskedule vir data ❖ Kodeer rou data Identifiseer temas
Stap 3:	Formuleer temas vir onderhoudskedule.
Stap 4:	Literatuurondersoek oor Onderwysbeleid, Raad vir Maatskaplike Diensprofessies, Witskrif op Maatskaplike Welsyn, tendense in internasionale tydskrifte vir maatskaplike werk .
Stap 5:	Formuleer en verfyn onderhoudskedule.
Stap 6:	Implementeer onderhoudskedule by twee groepe respondente met drie analise-eenhede elk.
Stap 7:	Ontwikkel ‘n analiseringskedule.
Stap 8:	Kodeer rou data van ses analise-eenhede. ❖ Kodeer Groep Een ❖ Kodeer Groep Twee
Stap 9:	Vergelyk data van twee groepe.
Stap 10:	Interpretering van data. Formuleer afleidings uit data as temas. Maak van gevolgtrekkings en aanbevelings.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

5.3 DATA-INSAMELING EN –ANALISERING (OPSOMMING)

Die data is ingesamel deur ‘n fokusgroeponderhoud met praktykleiers te voer wat in die beroep van maatskaplike werk staan en wat supervisie aan finalejaar - maatskaplikewerk-studente verskaf. Die doel van die fokusgroeponderhoud was:

- Eerstens om te bepaal in watter mate behoeftes in die praktyk transformasie in maatskaplikewerk-opleiding behoort te beïnvloed en wat die behoeftes is.
- Tweedens of daar uitvoering in die praktyk gegee word aan die Witskrif op Maatskaplike Welsyn.

Daar is van die fokusgroeponderhoud ‘n klankopname gemaak wat getranskribeer is. Daar het duidelike kategorieë na vore gekom. Die kategorieë is verder verfyn om sekere temas te identifiseer. Die temas is gebruik by die onderhoudskedule wat opgestel is vir die onderhoude met verteenwoordigers van die onderskeie universiteite en ook hulle finalejaarstudente. ‘n Analiseringskedule is opgestel ten einde kategorieë duideliker te beskryf.

5.4 RESULTATE VAN FOKUSGROEPONDERHOUD

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

Die analiseringskedule word vervolgens deur tabel 5.1 aangedui. Dit bied ‘n volledige uiteensetting van die geïdentifiseerde kategorieë en temas wat verkry is uit die response van die fokusgroeponderhoud. Die kategorieë is (1) Basiese teorieë, (2) Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe, (3) vaardighede en terapie, (4) velde, (5) maatskaplikewerk-aksie, (6) probleme (7) kruiskulturele aspekte, (8) selfversekerdheid en laastens ‘n kategorie getiteld (9) ander. Daar is van die temas gebruik om die onderhoudskedule op te stel. Van hierdie temas het ook ooreengestem met wat in die literatuur bevind is.

Tabel 5.1

SKEMATIESE VOORSTELLING:

ANALISERINGSKEDULE VAN FOKUSGROEPDATA

Kategorie1: **Basiese Teorie**

- Opleiding behoort generies van aard te wees
- Indien basis voldoende is, sal persoonlike groei plaasvind
- Behoort alle probleme te hanteer
- Behoort raamwerk te verskaf om te dink oor hoe probleme hanteer behoort te word.
- Ontwikkelingsbenadering

Kategorie 2: **SA Raad vir Maatskaplike Diensberoepe**

- Behoefte van maatskaplike werkers met toekoms verbind
- Maatskaplike werkers is van mening dat daar nie iemand intree om na hulle behoeftes om te sien nie
- Daar is nie beskerming vir die maatskaplike werker nie
- Het nie vertroue in die Raad nie
- Onseker oor in wie se belang die Raad optree

Kategorie 3: **Vaardigheid en Terapie**

- Assessering van kinders
- Trauma van kinders
- Statutêre ingrypingsvaardighede
- Bestuursvaardighede van programme en die praktyk
- Bemarking
- Beplanning en implementering van program en projek
- Skryfvaardighede
- Kruiskulturele intervensie
- Aanbiedinge kan doen
- Kommunikasie
  - Telefoon
  - Praat
  - Openbare optrede
- Persoonlike groei vaardighede
- Organisering

UNIVERSITY JOHANNESBURG

Kategorie 4: **Velde**

Trauma
Kinders in die algemeen
Verkragting
Hantering van gewelddadige optrede van kliëntsisteem

Mishandelde vroue

Mishandelde mans

Trauma-ontlonting

Behoefte aan dienste

MIV/Vigs-berading

Depressie

Aanranding

Dood en verlies

Kindergesinne

Dwelms en hulpbronne wat onverskillig hierteenoor staan

- Ondersteuning aan die berader
- Gewelddadigheid van die gemeenskappe

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

Kategorie 5: **Maatskaplikewerk-aksie**

- Studente voel hulle moet alles kan hanteer
- A.g.v. die hoë voorkoms van statutêre dienste bly die fokus meer op individuele werk as ontwikkelingsgerigte werk
- Werk in vennootskappe
- Die werkswyse van byvoorbeeld plasing van kind in kinderhuis
- Gebrek aan genoeg ondersteuningstelsels, bronne
- Basiese kennis van die gemeenskap waarin hulle werk ,moet opgedoen word
- Kennis van die organisasie se funksionering
- Belangrikheid steeds van individuele kliënte
- Voorkomingsdienste word nie geïmplementeer nie
- Voorlegging van projek om befondsing te verkry
- Netwerkvorming met ander professionele persone
- Witskrif op Maatskaplike Welsyn is die riglyne van dienste wat gelewer moet word
- Fokus dienste so dat dit by die mees behoeftige persone uitkom
- Kommer oor hantering van MIV/VIGS-kinders in ‘n residensiële opset

Kategorie 6: **Probleme**

Tekort aan beleid op nasionale vlak ter ondersteuning van die professionele persoon
Nie onderhandelinge met maatskaplike werkers nie
Oorblyfsels van apartheid
Nie aandag aan hantering van trauma nie
Assessering vas en terapie aan kinders
Praktyk-kliëntsisteemprobleme beïnvloed die praktyk
Studente deurloop nie intervensie met kliëntsisteem nie

Kategorie 7: **Kruiskultureel**

Verskille tussen blank en swart maatskaplike werkers in die wyses hoe tot ‘n kliëntsisteem toegetree word

Maatskaplike werkers moet meer kultureel bewus en sensitief wees

Kategorie 8: **Selfversekerdheid**

Meer dieptesessies met kinders (10 sessies)

Persoonlike groei vind meer plaas indien daar deur supervisor toesig gehou word

Selektering deur persoonlike groei

Hantering van persoonlike probleme

Bemarking van maatskaplike werk as ‘n professie

Meer met selfvertroue optree

Bemarking van jouself as professionele persoon

Internskap langer wees om meer vertroue op te bou

Kategorie 9: **Ander**

Beweeg na privaat praktyk (toekoms)

Werk met kinders in alle sisteme

Finalejaarstudente se praktika is te kort

Toetrede tot gemeenskap

Rolle wat die maatskaplike werker moet kan vertolk tydens dienslewering.

Supervisors moet spesifiek opgelei word

Verskaf aan student goeie werkslading tydens internskap

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

5.5 BESKRYWING VAN ANALISE-EENHEDE VAN DIE GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE VAN OPLEIDINGS-INSTELLINGS

Vir die doeleindes van die studie word daar verwys na die onderskeie groepe respondente as verskillende analise-eenhede, sodoende word anonimiteit gewaarborg en sensitiewe inligting beskerm. Die data soos van die dosente verkry tydens die opname word met die studente verbind in die volgende volgorde:

Analise -eenheid 1	Dosente van instelling A
Analise -eenheid 4	Studente van dieselfde instelling A as analise 1
Analise -eenheid 2	Dosente van instelling B
Analise -eenheid 5	Studente van dieselfde instelling B as analise 2
Analise -eenheid 3	Dosente van instelling C
Analise -eenheid 6	Studente van dieselfde instelling C as analise 3

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

TABEL 5.2 BESKRYWING VAN ANALISE-EENHEDE : GROEP EEN (DOSENTE)

IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE

Analise-eenheid	Persone betrokke by onderhoud	Gesamentlike jare ervaring in opleiding van MW-studente
A 1	3	35
B 2	2	45
C 3	3	34

Uit bostaande tabel blyk dit dat by al drie die opleidingsinstellings die persone oor ‘n hoë aantal jare opleiding aan maatskaplikewerk-studente beskik. Die persone

betrokke by die onderhoude verskaf opleiding aan studente in die eerste vier jaar van opleiding waarna die studente tot die beroep kan toetree.

5.6 Beskrywende data van die identifisering van veranderlikes wat opleiding beïnvloed

5.6.1 Redes vir veranderinge aan die kurrikulum

Die instellings was dit eens dat daar verandering aan hulle kurrikulum plaasgevind het sedert die aanvang van die demokratiese bedeling in 1994 in Suid-Afrika. Die volgende redes is by die instellings aangevoer as redes vir hoekom daar ‘n kurrikulumverandering gemaak is.

By analise-eenheid 1 is aan die begin van 1990 ‘n omvattende opname in die praktyk gemaak oor wat die behoeftes vir die praktyk is. Dit het aanleiding gegee tot dramatiese veranderinge, wat verder opgevolg is deur die veranderinge in wetgewing, vanaf 1998 tot 2000, en ook die gepaardgaande nuwe vereistes vanaf die Onderwysdepartement wat ten opsigte van uitkomsgebaseerde onderwys daar gestel is.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

By analise-eenheid 2 het herstrukturering van die kurrikulum in 2001 plaasgevind na aanleiding van wat die praktykbehoeftes was. Hulle het ook terugvoering wat hulle van internasionale studente ten opsigte van leemtes in hulle opleiding ontvang het, gebruik. Die vereiste soos daargestel deur de Witskrif op Maatskaplike Welsyn het ook ‘n deurslaggewende rol gespeel.

By analise-eenheid 3 het dit geblyk dit dat die vereistes van die Witskrif op Maatskaplike Welsyn die oorwegende faktor was, maar dat die kundigheid waaroor die departement beskik het ook ‘n rol gespeel het. Die veranderinge het in 1999 plaasgevind en word tans nog geïmplementeer.

Uit bostaande kan afgelei word dat daar ‘n verskeidenheid van faktore ‘n rol speel wanneer aanpassings in die kurrikulum gemaak word. Die twee deurslaggewende

faktore is dus die nuwe beleid in die vorm van die Witskrif op Maatskaplike Welsyn wat geformuleer is, en ook die spesifieke behoeftes van die praktyk.

TABEL 5.3 BESKRYWING VAN ANALISE-EENHEDE : GROEP TWEE (STUDENTE)

IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE

Analise-eenheid	Persone betrokke by onderhoud	Toekomsbeplanning
A 4	5	Buitelandse pos (3) Nagraadse studie (1) Toetree tot praktyk (1)
B 5	9	Buitelandse pos (6) Nagraadse studie (3)
C 6	7	Buitelandse pos (4) Nagraadse studie (1) Toetree tot praktyk (1) Stel nie belang in toetrede tot praktyk nie (1)

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

Uit bostaande tabel blyk dit dat 15 van die 21 studente genoeg vertroue het dat die opleiding wat hulle ontvang, hulle in staat sal stel om plaaslik, sowel as in die buiteland hulle beroep te kan beoefen. Voorts is daar vyf studente wat voortgaan met nagraadse studies in die studieveld van maatskaplike werk.

Daar is slegs een student wat aangedui het dat hy/sy nie met maatskaplike werk as ‘n beroep voort gaan nie.

Die aanname kan gemaak word dat die studente se opleiding toepaslik en van waarde was, daarom tree hulle tot die beroep toe.

5.7 RESULTATE VAN GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE MET DOSENTE VAN OPLEIDINGSINSTELLINGS

TABEL 5.4 AREAS VAN DIE WITSKRIF OP MAATSKAPLIKE WELSYN: GROEP EEN (DOSENTE)

AREA	Analise-eenheid A 1	Analise Eenheid B 2	Analise-eenheid C 3
Wetgewing met betrekking tot kinders	Welsynsreg 2e jaar	1e jaar	3e jaar Gesinsreg
Kindermishandeling	3e jaar	2e jaar	Geïntegreerd in modules
Straatkinders	1e jaar 2e jaar	4e jaar	✕
Pleegsorg	Welsynsreg Prakties	1e jaar	3e jaar Gesinsreg
Aanneming	Welsynsreg	1e jaar	3e jaar Gesinsreg
Intervensieplanne by gesinne	2e,3e,4e jaar	2e,3e,4e jaar	2,3,4e jaar
Tienerswangerskappe	3e jaar	4e jaar	2e jaar
Jeugoortreder	2e jaar	3e jaar	3,4e aar
Bejaardesorg	2e jaar	2e,4e jaar	✕
Vrouens	3e jaar	4e jaar	4e jaar
Kroniese siektes	4e jaar	4e jaar	2e,4e jaar
Persone met spesiale behoeftes	4e jaar	4e jaar	1e jaar een lesing
Substansafhanklikheid	2e jaar	3e jaar	3,4e jaar

Uit bostaande tabel 5.4 blyk dit dat die meeste van die fokusareas soos deur die Witskrif op Maatskaplike Welsyn uiteengesit is, wel by die onderskeie opleidingsinstellings deel is van hulle kurrikulum. Tydens ontleding van die data, het dit duidelik geword dat die onderskeie areas wel in verskillende jaargroepe op ‘n geïntegreerde wyse aangebied word. Dit blyk egter dat daar by analise-eenheid C3, nie pertinent aandag verleen word aan straatkinders en bejaardesorg nie. By analise-eenheid A1 en C3 word statutêre inligting deur die regsdepartement aangebied.

TABEL 5.5 RESULTATE VAN UITKOMSGEBASEERDE ONDERWYS: GROEP EEN (DOSENTE)

AREA	**Analise-eenheid A 1**	**Analise-Eenheid B 2**	**Analise-eenheid C 3**
Probleemoplossende vaardighede	✔	✔	✔
Spanwerk	✔	✔	✔
Selfverantwoordelikheidsvaardighede	✔	✔	✔
Navorsingsvaardighede	✔	✔	✔
Kommunikasievaardighede	✔	✔	✔
Tegnologiese en omgewingsbewustheid	✔	✔	✔
Ontwikkelings van makrovisie	✔	✔	✔
Leervaardigheid	✔	✔ **instelling bied aan**	✔
Landsburgerskap	✔	✔	✔
Kulturele bewustheid	✔	✔	✔
Werkgeleenthede	✔	✔	✔
Entrepreneurskap	✔	✔ **instelling bied aan**	✔

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

Uit bostaande tabel 5.5, volgens die dosente se persepsie, blyk dit dat al drie die opleidingsinstellings die vereistes van uitkomsgebaseerde onderwys nakom.

In tabel 5.8 is daar egter volgens die studente tekortkominge.

Dit is interessant om daarop te let dat by een instelling daar deur ‘n ander afdeling binne dié instelling kursusse oor spesifieke uitkomste aangebied word soos byvoorbeeld leervaardighede en entrepreneurskap, wat deur die sentrum vir studente-ondersteuning aangebied word.

In die vasstelling deur die beskrywende data of die studiehandleidings volgens die uitkomste van uitkomsgebaseerde onderwys geskryf word, het analise-eenheid C3 laat blyk dat nog nie al die handleidings daarvolgens geskryf word nie. Hulle meld ook dat nie alle klasse daarvolgens aangebied word nie. Die uitkomste word wel volgens hulle in klasaanbiedinge aangespreek.

By analise-eenheid A1 word die studiehandleidings en klasse bewustelik volgens uitkomsgebaseerde onderwys aangebied. Daar word ook aan die dosente indiensopleiding in die verband in die departement verskaf.

By analise-eenheid B2 word uitkomsgebaseerde onderwys in 2002 vanaf die eerste jaar geïmplementeer en dit is by hierdie instelling wat sekere van die vaardighede deur ‘n ander afdeling binne die instelling vervul word, byvoorbeeld, entrepreneurskap.

Uit voorafgaande bespreking kom dit na vore dat waardetoevoeging plaasgevind het deur die implementering van uitkomsgebaseerde onderwys.

TABEL 5.6 PRAKTYKVERWANTE AREAS: GROEP EEN (DOSENTE)

AREA	Analise eenheid A 1	Analise-eenheid B 2	Analise eenheid C 3
MIV/VIGS	✔	✔	✔
Trauma-ontlonting	✔	✘	✘
Sterwensbegeleiding Dood en verlies	✔	✘	✘
Lewensvaardighede	✘	✔	✔
Ouerskapsvaardigheid	✔	✘	✔
Programskrywing	**prakties**	✔	✘
Netwerkvorming	✔	✔	✔
Verkragting	✔	✔	✘
Kruiskultureel	✔	✔	✔
Forensiese maatskaplike werk	✘	✔	✔
Hantering van geweld-dadige optrede	✔	✘	✘

UNIVERSITY

Die praktykverwante areas soos weergegee in tabel 5.6 is deur internasionale tendense asook in die fokusgroeponderhoud geïdentifiseer.

- Trauma-ontlonting, sterwensbegeleiding en hantering van gewelddadige optrede, word nie deur analise-eenheid B 2 en C 3 gedoen nie.
- Lewensvaardighede en forensiese maatskaplike werk word nie by analise-eenheid A 1 aangebied nie.
- Ouerskapsvaardighede word nie by analise-eenheid B 2 aangebied nie.
- Verkragting en programskrywing word nie by analise-eenheid C 3 aangebied nie.

Bogenoemde word as leemtes in die generiese opleiding geïdentifiseer. As die gemeenskap waarin maatskaplike werkers dienste lewer, in ag geneem word, is dit uiters belangrik om trauma-ontlonting, verkragting en geweld te kan hanteer.

5.8 Resultate van gestruktureerde onderhoude met finalejaarstudente van opleidingsinstellings.

TABEL 5.7 AREAS VAN DIE WITSKRIF OP MAATSKAPLIKE WELSYN GROEP TWEE (STUDENTE)

AREA	Analise - eenheid A 4	Analise- eenheid B 5	Analise - eenheid C 6
Wetgewing met betrekking tot kinders	2e & 4e jaar Welsynsreg	1e, 2e jaar	1e-4e jaar Gesinsreg
Kindermishandeling	2e jaar 3e jaar	4e jaar	2e jaar
Straatkinders	2e jaar	4e jaar	×
Pleegsorg	Welsynsreg 2e jaar	1e, 2e jaar	3e jaar Gesinsreg
Aanneming	Welsynsreg 2e jaar	×	3e jaar Gesinsreg
Intervensieplanne by gesinne	2e, 3e, 4e jaar	4e jaar	2e-4e jaar
Tienerswangerskappe	×	× slegs by sommige se prakties	2e jaar
Jeugoortreder	2e jaar	3e jaar slegs by sommige se prakties	2e,3e,4e jaar
Bejaardesorg	2e jaar	2e, 3e jaar	×
Vrouens	×	4e jaar in gemeenskapswerk	4e jaar gesinsreg
Chroniese siektes	4e jaar	4e jaar	4e jaar en prakties
Persone met spesiale behoeftes	2e jaar	4e jaar	×
Substansafhanklikheid	2e jaar	3e jaar	2e, 4e jaar

Uit tabel 5.7 blyk dit dat:

- ❖ inligting oor straatkinders en bejaardesorg nie by analise-eenheid C 6 volgens die studente aangebied word nie;
- ❖ die studente by analise-eenheid A 4 en B 5 nie inligting oor tienerswangerskappe nie ontvang, slegs wanneer dit by hulle praktiese plasings ter sprake kom;
- ❖ analise-eenheid A 4 se studente is ook van mening dat hulle nie detail ontvang het oor hantering van vroue in byvoorbeeld geweld teenoor vroue nie;
- ❖ analise -eenheid B 5 het ook nie inligting oor aanneming ontvang nie.

Dit stem ooreen met wat in tabel 5.4 aangetref is, naamlik dat analise-eenheid C 3 nie inligting verskaf oor straatkinders en bejaardesorg nie, asook net een lesing oor gestremdes aanbied.

By analise-eenheid B 5 voel die studente nie hulle het inligting oor aanneming gekry nie, maar volgens tabel 5.6 noem die dosente dat hulle dit wel aangebied het.

Die studente by analise-eenheid A 4 en B 5 ontvang nie inligting oor tienerswangerskappe nie, slegs wanneer dit by hulle praktiese plasings ter sprake kom. Volgens hulle dosente (tabel 5.4), het die studente wel daaroor inligting ontvang.

Analise-eenheid A 4 se studente is ook van mening dat hulle nie inligting ontvang het oor hantering van vroue en byvoorbeeld geweld teenoor vroue nie, maar volgens die dosente (tabel 5.6) by analise-eenheid A 1, het die studente wel hieroor inligting ontvang.

Die studente (analise-eenheid B 5) toon dat hulle nie inligting ontvang het oor aanneming nie, maar in die vergelykende tabel (5.4) het die dosente (analise-eenheid B 2) aangedui dat die studente wel in hulle eerste jaar hierdie inligting ontvang.

Hiervan kan afgelei word dat tienerswangerskappe, volgens die studente se persepsies, nie voldoende behandel word gedurende die eerste vier jaar van opleiding by twee van die instellings nie.

By die twee instellings waar die regsdepartement inligting aanbied oor wetgewing met betrekking tot kinders, is die studente van mening dat hulle basis voldoende is ten opsigte van aanneming, maar die een instelling by wie die inligting ontbreek, is die regsdepartement nie betrokke nie.

TABEL 5.8 RESULTATE VAN UITKOMSGEBASEERDE ONDERWYS GROEP TWEE (STUDENTE)

AREA	Analise-eenheid A 4	Analise-eenheid B 5	Analise-eenheid C 6
Probleemoplossende vaardighede	✔	✔	✔
Spanwerk	✔	✔	✔
Selfverantwoordelikheidsvaardighede	✔	✔	✔
Navorsingsvaardighede	✔	✔	✔
Kommunikasievaardighede	✔	✔	✔
Tegnologiese en omgewingsbewustheid	✕	✕	✔
Ontwikkelings van makrovisie	✔	✔	✔
Leervaardigheid	✕	✔	✔
Landsburgerskap	✕	✕	✕
Kulturele bewustheid	✔	✔	✔
Werkgeleenthede	✔	✔	✕
Entrepreneurskap	✕	✔	✕

Volgens tabel 5.8

- was die studenterespondente by twee van die instellings van mening dat daar nie genoeg aandag verleen word aan die ontwikkeling van tegnologiese sowel as omgewingsbewustheid nie;

- het studenterespondente het ook gevoel die uitkoms van landsburgerskap word nie by enige van die opleidingsinstellings aangespreek nie;
- is by twee instellings volgens die studenterespondente ook nie aandag verleen aan ontwikkeling van entrepreneurskap nie, wat in 'n groot mate met die bewuswording van werkgeleenthede saamhang;
- is een groep respondente ook van mening dat werkgeleenthede nie genoeg aandag ontvang het nie.

Dit kom duidelik na vore dat daar verskillende persepsies is tussen die dosente en die studente van elke opleidingsinstelling, aangesien die dosente in tabel 4.5 van mening is dat al die uitkomste van uitkomsgebaseerde onderwys wel aangespreek word.

TABEL 5.9 PRAKTYKVERWANTE AREAS: GROEP TWEE (STUDENTE)

AREA	Analise-eenheid A 4	Analise-eenheid B 5	Analise-eenheid C 6
MIV/VIGS	✔	✔	✔
Trauma-ontlonting	✘	✘	✔
Sterwensbegeleiding Dood en verlies	✔	✔	✔
Lewensvaardighede	✔	✔	✔
Ouerskapsvaardigheid	✔ nie die hele klas nie	✘	✔
Programskrywing	✔	✔	✔
Netwerkvorming	✘	✔	✘
Verkragting	✘	✘	✔
Kruiskultureel	✔	✔	✔
Forensiese maatskaplike werk	✘	✔	✘
Hantering van gewelddadige optrede	✘	✔	✘

Met verwysings na tabelle 5.6 en 5.9:

- Trauma-ontlonting word deur beide partye (by analise-eenheid B 2 en B 5) aangedui dat dit nie daar aangebied word nie. By analise-eenheid A 4 is die studente van mening dit word nie aangebied nie, maar die instelling se dosente (tabel 5.6 analise; eenheid A1) toon hulle is van mening dit word gedek in van hulle kursusse. Volgens die studente (tabel 5.9 analise-eenheid C 6) word trauma-ontlonting wel aangebied.
- In gevolge van sterwensbegeleiding was al die studenterespondente van mening dat hulle kliënte tydens sterwensbegeleiding sal kan begelei, maar die dosente (tabel 5.6 analise-eenheid B2 en C3) het nie gemeen dit word daar aangebied as deel van die kursus nie.
- Ouerskapsvaardighede word net by analise-eenheid C 3 volgens die studente en dosente aangebied.
- Programskrywing word volgens die dosente (sien tabel 5.6) wel by alle instellings aangebied, maar analise- eenheid A 4 en C 6 soos aangedui in tabel 5.9, toon daar word nie voldoende aandag daaraan gegee nie.
- Volgens analise-eenheid C 3 (tabel 5.6) is die dosente van mening dat verkragting nie aangespreek word nie, maar die studente (analise-eenheid C 6 , tabel 5.9) dui wel aan dat hulle die nodige inligting daaroor kry.
- Vanuit analise-eenheid C 3 (tabel 5.6) meen studente hulle kan nie geweld by die kliëntsisteem hanteer nie en die studente, volgens analise-eenheid C 6 (tabel 5.9), stem saam dat hulle dit nie kan hanteer nie. Volgens analise-eenheid A 1 by (tabel 5.6) meen die dosente dat studente geweld by 'n kliëntsisteem sal kan hanteer, maar die studente analise-eenheid A 3, stem nie saam dat hulle geweld by die kliëntsisteem sal kan hanteer nie.

Hieruit kan afgelei word dat daar verskillende persepsies by dosente en studente bestaan of die inhoud van die werk wel aangebied word. Indien dit wel aangebied word, dui dit daarop dat die studente nie oor voldoende kennis beskik oor die toepassing van die inligting nie.

5.9 MAKRO-VLAK VERANDERLIKES

Beskrywende data van analise-eenhede 1-3 is verkry aangaande die Raad vir Maatskaplike Diensberoepe. Die fokus daarvan is die invloed op transformasie van maatskaplikewerk-opleiding wat die Raad het.

- Analise-eenheid C 3 was van mening dat die SA Raad vir Maatskaplike Diensberoepe geen beduidende rol speel nie.
- Analise-eenheid B 2 is van mening dat die SA Raad vir Maatskaplike Diensberoepe ‘n groter rol kan vervul deur byvoorbeeld nuusbriewe met meer inligting uit te stuur.
- By analise-eenheid A 1 was hulle van mening dat die Raad wel ‘n rol speel ten opsigte van gehaltebeheer en dat die SA Raad vir Maatskaplike Diensberoepe self getransformeer het.
- Almal was dit egter eens dat die SA Raad vir Maatskaplike Diensberoepe hulle moet beywer vir beter salarisse en diensvoorwaardes vir maatskaplike werkers.

Hieruit blyk dit dat daar verwarring is oor die rol en die funksie wat die SA Raad vir Maatskaplike Diensberoepe vir maatskaplik werkers vervul.

Vervolgens is daar ook beskrywende data verkry van analise-eenheid 1 tot 3 oor watter veranderlikes transformasie in maatskaplikewerk-opleiding behoort te beïnvloed.

- Analise-eenheid A1 is van mening dat die politiek-ekonomiese proses die hoofveranderlike behoort te wees om sodoende die kurrikulum aan te pas.
- Analise-eenheid B 2 is van mening dat die praktyk ‘n groot bydrae moet lewer om kursusse te rig, byvoorbeeld die hoë voorkoms van geweld in ons samelewing, daarom moet daar aandag aan geweld gedurende opleiding gegee word. Daar moet altyd ‘n balans gehandhaaf word tussen die eise van die praktyk en wat gesien word as die eerste vier jaar van generiese opleiding. Dit behoort die fokus te bly volgens die respondente.
- Analise-eenheid C 3 is van mening dat internasionale tendense en globalisering ‘n effek op opleiding behoort te hê. Voorts is genoem dat die

internasionale denke, nie net so op Afrika van toepassing gemaak kan word nie, maar dat aandag aan inheemse maatskaplike werk gegee moet word.

5.10 OPLEIDINGSUITKOMSTE

Na aanleiding van die kategorieë wat vanuit die fokusgroeponderhoud bepaal is, het die navorser data ingesamel oor die volgende drie aspekte, naamlik:

- Of aandag verleen word aan die uitbou van ‘n professionele persoon (kategorie: 8)
- selfversekerdheid van die studente (kategorie: 8)
- of oor ‘n basiese generiese opleiding (kategorie:1) beskik soos in tabel 5.1 voorgestel is.

i) Uitbou van professionele persoonlikheid

By analise-eenheid A1 was die dosente van mening dat daar deur supervisie aandag verleen word aan skryfvaardighede wat bydra tot die uitbou van ‘n professionele persoonlikheid .

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

By analise-eenheid B2 word in die teoretiese klasse hieraan aandag geskenk en by analise C3 word dit deurlopend in die verskillende jare aangespreek. Alle opleidingsinstellings was dit eens dat in die toekoms daar al meer in hierdie verband in die studente geïnvesteer sal moet word. Die aanleer van verantwoordelikheid is ‘n hoë prioriteit by al die instellings.

By al die studente (analise-eenhede 4-6) was daar ooreenstemming dat daar voldoende aandag aan die ontwikkeling van professionele persoonlikheid gegee word. Die persoonlike groei wat by die studente plaasgevind het, was dus voldoende.

ii) Uitbou van selfversekerdheid

By analise-eenhede 1 tot 3 het die dosente genoem dat die studente met klasaanbiedinge help en dat dit tot die uitbou van selfversekerdheid bydrae. Analise-eenheid 4 tot 6 was ook van mening dat selfversekerdheid ontwikkel deur hulle opleiding. Hulle het genoeg selfvertroue om op te tree as daar ander maatskaplike werkers teenwoordig is, maar in die multi-dissiplinêre span is hulle meer onseker. Dit kan dus as 'n leemte gesien word.

iii) Basiese teoretiese kennis

Daar is aan analise-eenheid 1-6 gevra of hulle van mening is dat hul opleiding hulle toerus met die basiese teorieë van maatskaplike werk. Die dosente was van mening dat die kursusse so ontwerp is dat basiese teorie oorgedra word, maar dit hang af van die studente en hoe bereid hulle was om saam te werk in die klas en praktykopleiding. Die studente by opleidingseenhede B en C het met voorafgaande saamgestem, maar studente by analise-eenheid A4 was van mening dat hulle oor genoeg teoretiese kennis beskik, maar dat die ervaring in die praktyk nog kortkom.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

iv) Leemtes volgens die studente

Daar is by analise-eenheid 4-6 bepaal watter leemtes daar volgens hulle in die eerste vier jaar van opleiding bestaan. Analise-eenheid B 4 was van mening dat hulle meer inligting oor die hantering van trauma en berading sou wou gehad het. Analise-eenheid A 1 was van mening dat hulle inligting oor dwelms nie praktiese genoeg was nie, en ook optrede as deskundige getuie in die hof, nie genoeg blootstelling volgens die studente was nie. By analise-eenheid C 6 is die behoefte aan spelterapie en openbare optrede uitgewys. Indien daar krities gekyk word na die voorafgaande punt kan die vraag ontstaan of dit deel van die generiese opleiding moet uitmaak, dit kan gedebatteer word, tog bly dit 'n behoefte wat iewers aangespreek moet word. 'n Verdere interessante behoefte wat na vore gekom het, was waar hulle inligting kan verkry oor verdere voortgesette opleiding byvoorbeeld kort kursusse en/of die prosedure oor hoe om artikels te publiseer.

Die slotsom waartoe die navorser kom, is dat die basiese opleiding van maatskaplikewerk-studente voldoende is, vir beide dosente en studente, en dat hulle daardeur ontwikkel tot ‘n professionele persoon wat die teorie in die praktyk kan toepas.

5.11 SENTRALE TEMAS

5.11.1 Die twee hoofveranderlikes wat ‘n rol by transformasie in maatskaplikewerk-opleiding speel is die Witskrif op Maatskaplike Welsyn (1997) en spesifieke behoeftes van die praktyk.

5.11.2 Alhoewel die studente leemtes in die opleiding soos speelterapie geïdentifiseer het, het hulle genoeg vertroue in die opleiding om die praktyk te betree.

5.11.3 Uitkomsgebaseerde onderwys stel nuwe eise aan die maatskaplikewerk-opleiers en die uitdaging word deur die opleiers aanvaar, alhoewel daar ‘n behoefte is aan indiensopleiding in die verband.

5.11.4 Die behoeftes van die praktyk soos trauma-ontlonting en hantering van gewelddadige optrede moet meer aandag ontvang in die opleiding om aan te pas by die eise wat die praktyk aan die huidige maatskaplike werkers stel.

5.11.5 Die onderskeie opleidingsinstellings het die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997) as die fokus van transformasie in opleiding bepaal, tog dek nie al die instellings al die fokusareas nie.

5.11.6 Die studente by die opleidingsinstellings het ‘n behoefte dat uitkomsgebaseerde onderwys meer definitief na vore kom in die klasaanbiedinge. Portuurgroepevaluering kan bydra tot ontwikkeling van die professionele persoonlikheid en ook selfversekerheid kan hierdeur ontwikkel.

5.11.7 Die ontwikkeling van ‘n professionele persoonlikheid geniet deurgaans hoë prioriteit by opleidingsinstansies alhoewel die uitbou van selfversekerdheid meer aandag kan ontvang.

5.12 SLOTOPMERKINGS

Uit die verwerking van data blyk dit dat daarna die 1994 verkiesing by die meeste opleidingsinstellings wel ingrypende veranderinge gemaak is . Die veranderinge is hoofsaaklik gerig op die kurrikulum en is uiteindelik verrykend vir die praktyk. Die Witskrif op Maatskaplike Welsyn is die grootste dryfveer vir die veranderinge en verskaf die riglyne vir opleiding en ook die toepassing in die praktyk. Uit die studie blyk dit dus dat die transformasie reeds besig is om plaas te vind en dat die opleidingsinstellings wel die Witskrif op Maatskaplike Welsyn implementeer. Die veranderlike van Uitkomsgebaseerde Onderwys word ook geïmplementeer vanaf die eerste jaar en so ingefaseer. Die veranderlike van die praktyk en die invloed wat dit op opleiding het, het egter getoon dat die opleidingsinstellings nie sensitief genoeg is vir die veranderinge wat daar in die gemeenskappe plaasvind nie, soos trauma-ontlonting en hantering van geweld. Die navorser is van mening dat aanbevelings vanuit hierdie studie waarde kan toevoeg tot maatskaplikewerk-opleiding. Vervolgens sal daar in die volgende hoofstuk gekyk word na gevolgtrekkings en aanbevelings wat gedoen kan word uit die ingesamelde data.

HOOFSTUK 6

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVLINGS

6.1 INLEIDING

Die doel van die hoofstuk is om gevolgtrekkings vanuit die beskikbare data in hierdie studie te maak wat uiteindelik aanleiding gee tot aanbevelings. Sodoende word daar deur die navorser ‘n bydrae gelewer tot die uitbou van die teoretiese kennisbasis van maatskaplik werk en praktyk.

6.2 GEVOLGTREKKINGS

6.2.1 Inhoud van die studie

6.2.1.1 Na afloop van die studie het dit duidelik geblyk dat die een verandering wat op welsynsterrein groot veranderinge te weeg gebring het, die nuwe beleidsdokument ten opsigte van maatskaplike dienste was. Die Witskrif op Maatskaplik Welsyn (1997) het aanleiding gegee tot die paradigmaverskuiwing weg van individue na ontwikkelingsgerigte werk wat die grondslag van die Witskrif vorm.

‘n Gevolgtrekking wat gemaak kan word, is dat die Witskrif op Maatskaplike Welsyn, die hoofrede vir verandering in die inhoud van die kurrikulum was.

6.2.1.2 Die praktyk wat die pas afgestudeerde maatskaplike werker in 2003 sal betree, het afgelope vyf jaar dramaties verander met betrekking tot voorafgaande verandering in beleid op nasionale vlak. Dit was die hoofrede waarom daar veranderinge by die tersiêre instellings gemaak moes word. Daar vind bevestiging hiervan in die literatuur plaas, byvoorbeeld Lombard (1999:104) wat verwys na programme by opleidingsinstellings wat in ooreensteming gebring moet word met die nuwe rigting wat ingeslaan moet word. In die voorafgaande studie in hoofstuk 5, bladsy 59, word daarna

verwys dat die opleidingsinstellings na nuwe beleid, en ook die veranderinge in die praktyk van maatskaplike werk, in ag moet neem wanneer aanpassings aan programme gemaak word.

Die gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word, is dat die veranderinge in die gemeenskappe waarin die moderne mense lewe, baie verander het, daarom moet die opleiding aangepas word om aan die praktykbehoeftes aandag te gee.

6.2.1.3 Uit die fokusgroeponderhoud is dit bevestig dat as gevolg van die gemeenskappe waarin die maatskaplike werkers werk daar 'n behoefte is aan opleiding in die hantering van geweld. Lubbe (1997:62) verwys soos volg daarna "Behalwe vir geweld veronderstel voortgesette opleiding in die maatskaplike werk ook dat dit maatskaplike werkers sal toerus om trauma te hanteer, veral in die vorm van krisisingryping ten opsigte van slagoffers van geweld". Maatskaplike werkers behoort op die voorpunt van ontwikkeling te bly om die veranderende kliëntsisteem en die eise wat daarmee gepaard gaan, te hanteer.

Die gevolgtrekking wat gemaak kan word, is dat daar voortgesette opleiding vir maatskaplike werkers moet wees in die hantering van geweld, verkragting en trauma-ontlonting asook dat die areas in die huidige kurrikulum ingesluit moet word.

6.2.1.4 Na afloop van die studie, het dit duidelik geblyk, dat die maatskaplike werkers in die praktyk, asook die dosente by die onderskeie opleidingsinstellings, nie van mening is dat die Raad vir Maatskaplike Diensberoepe 'n daadwerklike rol speel om die professie uit te bou en te posisioneer as 'n volwaardige beroep, wat werklik 'n verskil kan maak in die een en twintigste eeu nie.

Die gevolgtrekking waartoe hier gekom word, is dat die Raad vir Maatskaplike Diensberoepe, nie werklik 'n faktor is in die uitbou en beskerming van die maatskaplike werk as beroep nie, en ook nie tot nou toe 'n faktor in die transformasie proses was nie. Die Raad sal wel 'n

meer daadwerklike rol moet vervul in die bepaling van minimum standaarde vir opleiding, wat teen 2003 sal geskied.

6.2.1.5 In die lig van 6.2.1.4 word daar probleme ondervind om die beroep plaaslik aanloklik te maak en kan volgens die navorser ‘n rede wees vir groot getalle maatskaplike werkers wat die beroep verlaat. Dit blyk uit die studie dat die meeste van die studenterespondente hulle beroep in die buiteland wil voortsit.

Gevolgtrekking: dat studente genoeg vertroue in hulle opleiding het en dat hulle wel tot die beroep wil toetree.

6.2.1.6 Uit die studie blyk dit dat die vereistes van uitkomsgebaseerde onderwys wat vir elke kursus en kwalifikasie geld, naamlik die twaalf uitkomste waaraan voldoen moet word, nagekom word. Alhoewel nie alle studiehandleidings hiervolgens geskryf word nie. Sekere van die uitkomste byvoorbeeld lands- en entrepreneurskap word moeilik in die opleiding van maatskaplike werkers geïmplementeer. Die een uitkoms, dié van tegnologiese bewustheid, is deur die studente geïdentifiseer as ‘n uitkoms wat nie genoeg aandag ontvang nie. In teenstelling hiermee het ‘n uitkoms soos probleemoplossende vaardighede, deurgaans in die opleiding van maatskaplikewerk-studente, in dringend aandag ontvang.

Die gevolgtrekking is dat die meeste van die uitkomste nog uitgebou kan word, veral tegnologiese bewustheid, landsburgerskap en entrepreneurskap.

6.2.1.7 Daar is by twee opleidingsinstellings gevind dat die statutêre inligting deur ‘n ander fakulteit van die universiteit aangebied word. Sodoende word die studente aan ‘n verskeidenheid van kennisbronne voorgestel en dit dra by tot die voortsetting van leer.

Gevolgtrekking: dat interskakeling tussen departemente reeds voorkom, soos wat deur uitkomsgebaseerde onderwys voorgestaan word.

6.2.1.8 Dit het duidelik na vore gekom in die studie dat die dosente nie vertroud is met wat hulle kollegas in die vierjarige graadopleiding aanbied nie. **Gevolgtrekking: dat dosente net gefokus is op wat hulle in die kursus aanbied, maar nie weet wat hulle kollegas doen nie. Hulle werk dus in isolasie.**

6.2.1.9 Uit die 25 studente wat deel uitgemaak het van die studie, was daar slegs een student wat nie tot die beroep wil toetree nie.
Gevolgtrekking: dat die studente vertroue het in hulle opleiding en ook van mening is dat hulle toegerus is vir die praktyk en die eise wat aan hulle gestel word. Die beroep bly vir die student aantreklik .

6.2.1.10 Uit die studie blyk dit by beide die dosenterespondente en die finalejaar-respondente dat die verskillende areas soos deur die Witskrif aanbeveel word, wel aangebied word in die huidige kursusse. Die verskillende fokusareas van die Witskrif op Maatskaplike Welsyn word deur al die opleidingsinstellings in die kurrikulum gedek.
Gevolgtrekking: dat die bepaling van die Witskrif op Maatskaplike Welsyn wel by opleidingsinstellings geïmplementeer word.

6.2.1.11 Die fokus van die Witskrif op Maatskaplike Welsyn is ontwikkelings benaderinggerig en dit is van toepassing op alle kliëntsisteme. Ten einde soveel moontlik mense te bereik en voorkomend op te tree, is die aanbieding van lewensvaardighede noodsaaklik in die demokratiese Suid-Afrika, tog word dit nie by alle opleidingsinstellings aangebied nie.
Gevolgtrekking: dat studente opleiding in lewensvaardighede behoort te ontvang om sodoende 'n meer effektiewe diens aan die kliëntsisteem te lewer.

6.2.1.12 Programbestuur is deel van die taak van elke maatskaplike werker, aangesien daar van hulle verwag word om programme te skryf vir befondsing en ook subsidie. Dalton en Wright (1999:281) verwys na skryf- en

kommunikasievaardighede as die algemeenste vaardigheid waaroor ‘n maatskaplike werker moet beskik.

Gevolgtrekking: dat alle studente blootstelling sal ontvang in programbestuur en hoe om programme te skryf.

6.2.1.13 Dalton en Wright (1999:281) verwys in hulle artikel na drie temas wat tydens navorsing oor kurrikulum na vore gekom het, naamlik kennis, vaardigheid en houding van die maatskaplike werker. Die skrywers het in hulle studie gevind dat praktiserende maatskaplike werkers take verrig wat nie deel uitmaak van hulle opleiding nie en ook nie van huidige nasionale beleid nie.

Die gevolgtrekking kan bevestig word in die studie vanuit die fokusgroeponderhoud, naamlik dat die studente oor ‘n deeglike kennisbasis en verskeidenheid vaardighede moet beskik.

6.2.1.14 Daar is semi-gestruktureerde onderhoude gevoer met verteenwoordigers van drie opleidingsinstellings om bevestiging van spesifieke veranderlikes te kry. Daar is ook bepaal in welke geval dit veranderinge in maatskaplikewerk-opleiding te weeg gebring het.

Die gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word is dat byvoorbeeld die Witskrif op Maatskaplike Welsyn, uitkomsgebaseerde Onderwys en die invloed van die praktyk wel ‘n rol speel in transformasie van maatskaplikewerk-opleiding speel, maar dat die Raad vir Maatskaplike Diensberoepe nie ‘n beduidende rol in transformasie speel nie.

6.2.2 Metodologiese gevolgtrekking

6.2.2.1 Die navorsing is deduktief onderneem vanuit die bestudering van verskillende literatuur en beleidsdokumente om die grondslag te vorm vir beskrywing van die veranderlikes.

Die gevolgtrekking wat gemaak is, is dat veranderlikes vanuit die literatuur op ‘n deduktiewe wyse geïdentifiseer kan word. Hierdie veranderlikes vorm ‘n konseptuele raamwerk vir die empiriese studie.

6.2.2.2 Daar is voortgegaan en van die elemente van die veranderlikes is deur ‘n fokusgroeponderhoud bepaal. Dit is sinvol om die kwalitatiewe data insamelingstegniek te gebruik, want daar word ‘n groep mense eenmalig sowel as gesamentlik betrek ten einde grondige data te verkry.

Die gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word, is dat daar bevestiging van die elemente van veranderlikes na vore kan kom, deur van kwalitatiewe metodes van data-insameling gebruik te maak.

6.2.2.3 **Die metodologiese gevolgtrekking wat dus gemaak kan word, is dat die data-insameling en data-analise gemeet kan word aan vertrouenswaardigheid van Guba se Model van Vertrouenswaardigheid, soos bespreek in hoofstuk 4, (bls. 48) aangesien dit die elemente van vertrouenswaardigheid bevat**.

6.3 AANBEVELINGS

6.3.1 Die steeds hoë voorkoms van statutêre werk in die beroep veroorsaak dat die maatskaplike werker in die praktyk nie ten volle aandag kan verleen aan die uitleef van die ontwikkelingsparadigma nie. Daar word aanbeveel dat daar meer middele tot die maatskaplike werker se beskikking gestel word om statutêre ingryping te verminder, sodat die fokus op ontwikkelingswerk kan val. Van die middele kan wees plekke van veiligheid waar vrouens en kinders beskerm kan word, en deurgangshuise vir tieners wat substansafhanklike middele gebruik. Die beskikbaarstelling van ‘n toelaag aan ouers van alle ouderdom kinders om sodoende self hulle kinders te versorg, indien hulle nie oor die nodige middele beskik nie, veral in die lig van die huidige werkloosheid in ons land. Dit sal voorkom dat die kinders verwyder moet word en daar kan ontwikkelingswerk met die gesinne gedoen word ter voorkoming van statutêre ingryping. Hierdie aanbeveling lê egter op makrovlak en veral beleidsaanpassing

6.3.2 Daar word aanbeveel dat daar verbeterde oorhoofse koördinering van elke universiteit met betrekking tot kursusinhoud sal plaasvind, Dit sluit die moontlike rotasie van dosente wat sekere kursusse aanbied in. Dit sal voorkom dat daar inligting weggelaat word wat noodsaaklik is. Sodoende sal meer personeel meer kennis verbeter van inhoude van kursusse en kan aanpassing makliker gedoen word. Rotasie is vernuwend van aard en maak maksimaal van kundigheid gebruik.

6.3.3 Die aanbeveling word gedoen dat daar meer aandag tydens opleiding aan die hantering van geweld, verkragting en trauma-ontlonting verleen moet word. Dit is deur beide die praktiserende maatskaplike werkers en studente, as belangrik bepaal. Daar word aanbeveel dat die spesifieke opleidingsveranderlikes praktyk gerig moet wees, maar ook teoreties gefundeer.

6.3.4 Die Raad vir Maatskaplike Diensberoepe sal indringend moet aandag gee aan die uitbou van die beroep in so ‘n mate dat die maatskaplike werkers ervaar dat die Raad hulle belange beskerm en omsien na beter diensvoorwaardes en salarisse.

Daar word aanbeveel dat daar op regeringsvlak nuwe poste vir maatskaplike werkers geskep moet word en beskikbaar gestel word vir die toetredende maatskaplike werkers, dit mag voorkom dat soveel van die pas gegradueerde studente in die buiteland gaan werk. By sekere van die staatsdepartemente is daar poste beskikbaar, maar daar is ‘n moratorium geplaas op die beskikbaarstelling van die poste en om dit te adverteer.

6.3.5 Daar word aanbeveel dat dosente by opleidingsinstellings verdere indiensopleiding ontvang om aan die vereistes van uitkomsgebaseerde

onderwys te kan voldoen. Dosente moet veral internasionale tendense in ooreenstemming met nasionale problematiek kan bring. Sulke opleiding kan gekoppel word aan voortgesette professionele ontwikkeling (CPD 's).

6.3.6 Daar word aanbeveel dat alle maatskaplikewerk-studente opleiding ontvang in lewensvaardighede, aangesien dit van toepassing is in die meeste programme wat aangebied word en 'n basis vir ontwikkelingswerk verskaf.

6.3.7 Daar word aanbeveel dat alle maatskaplikewerk-studente opleiding sal ontvang in die skryf van projekte, waardeur hulle skryfvaardighede ook sal verbeter, wat weer sal bydra tot die uitbou van 'n professionele persoon en wetenskaplike verantwoording van die professie

6.3.8 Laastens word aanbeveel dat die universiteite gereelde sessies met die finalejaarstudente moet hê om daardeur behoeftes te bepaal en sodoende die leemtes in kursusse aan te spreek. Hier kan genoem word vanuit die studie, dat die studente tans behoefte het aan praktiese inligting oor dwelms, spelterapie en ook watter voortgesette kursusse deur die opleidingsinstellings aangebied word.

6.4 FINALE SLOTOPMERKINGS OOR DIE STUDIE

Daar is in die studie gepoog om die volgende navorsingvraag te beantwoord, naamlik:

Wat behels die gespesifiseerde veranderlikes wat 'n rol speel in die transformasie van maatskaplikewerk-opleiding vir 'n veranderde gemeenskap?

Transfomasie in die sosiale welynsarena impliseer nuwe ontwikkeling en veranderinge in maatskaplikewerk-opleiding. Daar was die afgelope dekade

verskeie veranderinge in maatskaplike werk in Suid-Afrika. Veranderinge in die internasionale maatskaplike welsynskonteks word ook in die Suid-Afrikaanse scenario weerspieël en opvoeders moet bewus wees van hierdie veranderinge en invloede.

Die studie beoog 'n ontwikkeling van 'n begrip van die huidige tendense wat 'n invloed op doeltreffende maatskaplike werk het. Hoewel die Suid-Afrikaanse tendense die hooffokus van hierdie studie is, is dit ook belangrik om die globale tendense in aanmerking te neem. Die navorser het die Witskrif op Maatskaplike Welsyn (1997), veranderinge in die Suid-Afrikaanse opvoedingskonteks soos wat deur die Wet op Suid-Afrikaanse Kwalifikasie Owerheid (58/1995), die Raad vir Maatskaplike Diensberoepe, internasionale tendense en verandering in die Suid-Afrikaanse omgewing geïdentifiseer is as die hoofbydraers tot die behoefte aan dringende verandering in die Maatskaplikewerk-kurrikulum.

Die navorser gebruik 'n kwalitatiewe metodologie om die veranderlikes wat transformasie in maatskaplike werk beïnvloed te identifiseer. Die genoemde veranderlikes is beskryf by wyse van spesifieke temas wat op maatskaplikewerk-opleiding van toepassing is. Die beskrywing is relevant vir die praktyk aangesien die data van akademiese fakulteitslede en maatskaplikewerk-studente versamel is. Die data is versamel deur middel van fokusgroepe en onderhoude wat deur 'n gestruktureerde onderhoudskedule gerig is.

'n Teoretiese raamwerk is gebruik om die konteks van transformasie in maatskaplike werk en toepaslike invloede te beskryf. 'n Kleinskaalse meta-analise van die huidige tendense in maatskaplikewerk-literatuur het die navorser gerig om die huidige tendense wat op maatskaplike werk van toepassing is, te verstaan. Deduktiewe redenering is gebruik om die hoofmomente van die teoretiese raamwerk en die temas wat van die versamelde data afgelei is, te kombineer. Die data is ontleed deur 'n proses van kategoriesering en kodering soos voorgestel deur De Vos (1998). 'n Protokol is ontwikkel ten einde die data

op ‘n konsekwente en gestruktureerde wyse te ontleed. Guba se model (1990) vir vertrouenswaardigheid is gebruik om die temas geldig te verklaar.

Ten slotte is metodologiese en kontekstuele gevolgtrekkings geformuleer. Die gevolgtrekkings en temas het die grondslag gevorm vir die formulering van aanbevelings wat tot maatskaplikewerk-opleiding in Suid-Afrika kan bydra.

-ooOoo-

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

BIBLIOGRAFIE

Asamoah, Y., Healy L.M. & Mayadas, N. 1977. Ending the International-Domestic Dichotomy: New Approaches to a Global Curriculum for the Millennium. Journal of Social Work Education, Vol. 33, No 2 (Spring/summer): 389-401.

Arkava, M.I.I. & Lane T.A. 1983. Beginning Social Work Research. Allyn And Bacon, Inc. Boston.

Beless, D.W. 1997. Council on Social Work Education. Encyclopedia for Social Work: 632-637.

Bless, C. & Higson-Smith. C. 1995. Social research methods. Juta and Co, Ltd. Cape Town.

Bloom M. & Fischer J. 1982. Evaluating practice: Guidelines fo accountable professional. Engelwood Cliffs. New York. Prentic-Hall

Booyens, M.G. & Tshiwula, J.L. 2001. edited by Drower, S & Sewpaul, V. The transformation of Social Work and training since 1994. Social Work / Maatskaplike Werk. 37(2): xii–xvii.

Botha, N.J. 1976. Praktykopleiding van studente in die maatskaplike werk in Suid-Afrika met besondere verwysing na die taak van die partikuliere welynsorganisasies. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (D.Phil.-proefskrif)

Brieland, D.1997. Social Work Practice: History and Evolution. Encyclopedia for Social Work: 2247-2257.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

Brown, H.F. & Partab R 1999. Social Work in the new South Africa: Which Way for Justice and Development. Social Work / Maatskaplike Werk 35(2) 138–151.

Dalton, B. & Wright, L. 1999. Using community input for the curriculum review process. Journal of Social Work Education, Vol. 35, No 2 (Spring/summer): 275-288.

De Vos, A.S. (ed.) 1998. Research At Grass Roots. A Primer For The Caring Professions. Pretoria: Van Schaik.

De Vos, A.S. (ed.) 2002. Research At Grass Roots. A Primer For The Caring Professions. Second Edition. Pretoria: Van Schaik.

Doel, M. & Shardlow, S. 1996. Social Work In A Changing World. Arena Ashgate Publishing Limited. England.

Dooley, D. Social Research Methods. 1995. Edition. Prentice-Hall. Inc. New Jersey.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

Drower, S. 2002. Conceptualizing social work in a changed South Africa. International Social Work. 45(1): 7-20.

Engelbrecht, L.K. 2001. Indigenous Social Work Field Practice Education: An Ecosystem perspective. Social Work / Maatskaplike Werk. 37(4): 347–355.

Faul, A.C. 2001. Can empirical clinical practice techniques improve social work outcomes? Research-on-Social Work –Practice. 11(3):277-299.

Fischer, J. 1978. Effective casework practice; An eclectic approach. New York. McGraw Hill.

Fischer, J. & Hudson, W. W. 1983. Measurement of client problem for improved practice. IN: Rosenblatt, A. & Waldfogel, D. (ed) 1983. Handbook of clinical social work. San Francisco. Jossey-Bass.

Fontana, A. & Frey, J.H. 1994. Interviewing – the art of science. In Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. (ed). Handbook of Qualitative Research. USA: Sage Publications.

Frumkin, M & Lloyd, G.A. 1997. Social Work Education. Encyclopedia for Social Work: 2238-2247.

Fouche, C. & Delport R. 2000. Exploring the concept of social development: A Qualitative analysis. Maatskaplikewerk Navorser-praktisyn. Vol 12 (3) 127-138.

Garbers, J.G. (red.) 1996. Doeltreffende Geesteswetenskaplike Navorsing. Pretoria: JA Van Schaik Uitgewers.

Gray, M. 1998. Developmental Social Work in South Africa. Theory and Practice. Cape Town: David Philip Publishers..

Green, S. 1999. The Matrix of Social Work Practice: Implications for the transformation of social work education. Social Work / Maatskaplike Werk. 35(1): 29–37.

Grinnell, R.M. Jr. 1988. Social Work Research And Evaluation. Third Edition. F.E. Peacock Publishers, Inc. Illinois.

Grinnell, R.M. Jr. & Williams M. 1988. Research In Social Work: A Primer, F.E. Peacock Publishers, Inc. Illinois.

Higher Education Policy Unit: 1999. Rand Afrikaans University Developing OBE-Programmes: The Rau Model January.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

Hoffman, W. 1990. Field Practice Education Haum. Pretoria.

Hokenstad, M.C. & Kendall, K.A. 1997. International Social Work. Encyclopedia for Social Work: 1511-1520.

Janesick,V.J.1994. The dance of qualitative research design: metaphor, hethodolatry, and meaning. In Denzin, N.K. & Lincoln.Y.S.(ed). Handbook of Qualitative Research USA: Sage Publications.

Krueger, Richard A. 1998. Moderating Focus Groups. Focus Group Kit 4. Sage Publications. Inc.

Krueger, Richard A. 1994. Focus Groups. A Practical Guide For Applied Research. Second Edition. Sage Publications. Inc.

Lesnik, B. (ed). 1997. Change In Social Work International Perspectives In Social Work. Ashgate. Publishing Company. England.

Lombard, A. 1997: Social Work Educators and Practitioners: Partners in Social Development. Social Work / Maatskaplike Werk 33(1): 11–23.

Lombard, A. 1999: Transforming Social Work Education in South Africa: A Contextual and Employment Issue. Social Work / Maatskaplike Werk 35(2): 97–111.

Lombard, A. 2001: Social Work Education: Quality assurance through continuous assessment . Maatskaplikewerk Navorser-Praktisyn. Vol 13 (3):1-23

Lubbe, K. Maart 1997. Praktykriglyn vir voortgesette opleiding in die Maatskaplike Werk. D.Phil. US.

JOHANNESBURG

Louw, L.R. 1996. Training in Community Development: A Univerisity Perspective with Special Reference to Social Workers. Maatskaplikewerk Navorser-praktisyn. Vol 9 (3) 66-72.

Ludick, B. & Nel, J.B.S. 2001. Social development in South Africa a structural analysis: A need for tranformational strategic change of organizations in civil society. Maatskaplikewerk Navorser-praktisyn. Vol 13 (3) 24-45.

Marshall, C. & Rossman, G.B. 1989. Designing Qualitative Research. U.S.A.: SAGE Publications.

McKay, P. 1991. The role of Social Work in post-apartheid South Africa. Social Work / Maatskaplike Werk 27(3): 284–290.

McKendrik, B. 1998. Social Work Education and training: From preparing for apartheid society to training for a developing democracy. Social Work / Maatskaplike Werk 34(1) 99–111.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG

Midgley, J. & Livermore, M. Fall 1977. The Developmental Perspective in Social Work: Educational Implications for a New Century. Journal of Social Work Education, Vol. 33; 573-588.

Midgley, James & Tang, Kwong-leung. 2001. Guest editorial: The developmental approach to social welfare. International Journal of Social Welfare, ISSN 1369-6866: 241-243.

Midgley, James & Tang, Kwong-leung. 2001: Social policy, economic growth and developmental welfare. International Journal of Social Welfare, ISSN 1369-6866: 244-252.

Midgley, James. 2001: South Africa: The Challenge of social development. International Journal of Social Welfare, ISSN 1369-6866: 267-275.

Miller, G. & Dingwall, R. 1997. Context and Methods in Qualitative Research. Sage Publications. London, Thousand Oaks, New Delhi.

Morgan David L. 1998. The Focus Group Guidebook. Focus Group Kit 1. Sage Publications. Inc.

Morgan David L. 1998. Planning Focus Group. Focus Group Kit 2. Sage Publications. Inc.

Mouton, J. & Marais, HC. 1991. Methodology of social sciences: Basic Concepts. Pretoria: HSRC.

Naidoo , S. & Kasiram, M. 2002. Social Work in South Africa: Quo Vadis? Paper presentation at the JUC Conference. Potchefstroom.

Neuman, W.L. 2000. Social Research Methods: Qualitative And Quantitative Approaches. Fouth Edition. Boston. Allyn and Bacon.

Ntusi, T.M. 1998. Professional Challenges for South African Social Workers: Response to recent political changes. Social Work / Maatskaplike Werk. 34(4): 380–388.

Oliphant, E. 1993. Die Gesinsisteem Waarin Dwelmisbruik Voorkom En Die Maatskaplike Werker - 'n Sistemiese Perspektief. Doktorale proefskrif. Johannesburg: RAU.

Patel, L. 1992. Restructuring social welfare: Options for South Africa. Johannesburg. Ravan Press.

Pieterse, J.E. (ed.) 1976. Maatskaplike Werk 'n Algemene Inleiding. Pretoria. Academica.

Pozzuto, R. 2001. Lessons in continuation and transformation: The United States and South Africa. Social Work / Maatskaplike Werk. 37(2): 155–163.

Rankin, P. 1997. Developmental Social Welfare: Challenges Facing South Africa. Social Work / Maatskaplike Werk. 33(3): 184–191.

Richards, L. & Richards, T. 1994. From filing cabinet to computer. In Bryman, A. & Burgess. Analyzing Qualitative Data. London. Routledge.

Rubin, A & Babbie E. 2001. Research Methods for Social Work. Wadsworth. USA.

SAQA ETQA. 1997. Regulations 6/9. Departement van Onderwys: Pretoria

Sewpaul, V. 2001. Economic Globalisation and Social Policy Reform: Social Work Curricula in the South African context. Social Work / Maatskaplike Werk. 37(4) : 309–321.

Stewart, D.W. & Shamdasani, P.N. 1990. Focus Groups Theory And Practice. Applied Social Research Methods Series. Vol. 20. Sage Publications. Inc.

Witskrif op Maatskaplike Welsyn. 1997. Departement van Welsyn.

-ooOoo-